


# Matieland

*Universiteit van Stellenbosch*

*Jaargang 17*

*Nommer 1 April 1973*





# DIE FEDERALE GROEP


Manne met dryfkrag  
Middele vir groeikrag  
Moontlikhede met trefkrag

Vir  
die man  
wat  
kwaliteit  
bo alles  
stel

★ ★ ★ ★  
Oude Meester  
Die Wêreld  
se Beste  
Brandewyn



OUD 242A/202



747 verskoonings om met ons Minlike Makro te vlieg

No. 118: Vir rugbyvoorspelers.

Se vir julle afrigter dat julle gaan betoog oor die vliegtuie waarin julle moet reis. Julle het ten minste agt voet skouerruimte nodig.

Groot sitplekke. En die slotte kla dat almal op hulle liddorings trap. Die gange moet groot genoeg wees om in litte los te maak.

Se vir hom daar's net een vliegtuig wat groot genoeg is - 'n Makro van die Suid-Afrikaanse Lugdiens, en as julle nie met hom kan gaan toer nie, gaan iemand geborsel word.

Ons kies u koers

**SAL**  
SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS

**BOEING 747 B**  
- ONS MINLIKE MAKRO

# MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS  
DEUR DIE  
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN  
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN  
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 17 NO. 1 APRIL 1973

# In Hierdie Uitgawe

## Redaksioneel

*Dosent, Student en Leersielkunde,* 5  
*Universiteitsraad: Nuwe lede,* 6  
*Ons Eer Hul Nagedagtenis,* 6  
Grade- en Diplomaplegtighede, 6, 7, 8 Desember 1972

*Gedagtes gelug by die gradeplegtighede,* 7

*Nuwe doktore,* 9

*Stipendia en medaljes,* 11

Aanstellings en Bevorderings, 12

## Gesellig

*Prof. Hans Trümpelmann,* 14

*Afskeid aan Dosente,* 16

*Van die Militêre Akademie,* 17

## Kursusse

*Die Taallaboratorium,* 19

*Geologie'n Aktuele Vak,* 20

## Uitbreidung

*Geneeskunde: Nuwe Geboue,* 21

*Aspekte van Akademiese Beplanning aan U.S.,* 22

*Helshoogte - die nuwe manskoshuis,* 23

Beurse en Skenkings, 25

## Oud-Maties

*Gelukwense,* 26

*Las Lemmer van 1917 kyk terug,* 27

*Oud-Matie Saamtrek (1936-1944),* 28

Ontwikkelingsfonds, 32

## Studentebdrywighede

*Dogters van ons Volk,* 43

*Vyfde Geslag in Matieland,* 43

## VOORBLAD FOTO:

Rustige suidwestelike Stellenbosch vanaf Papegaaisberg.

# Redaksioneel

## Dosent, Student en Leersielkunde

Aan die begin van die akademiese jaar het nie net Stellenbosse dosente nie, maar ook dosente van omliggende inrigtings vir hoër onderwys in die G. G. Cillié-gebou vir Opvoedkunde 'n simposium, i.p.v. die gebruiklike seminaar, oor die breete aspekte van die leersielkunde, veral met die oog op universiteitsonderrig, gehou. Juis *leersielkunde* omdat daar aan die ander kant van die aanbieding van *leerstof* deur die *leermeester* altyd 'n *leerling* staan.

Die onderwerp van gemelde simposium het eintlik uit 'n versoek van die Fakulteit van Ingenieurswese gevloei. Dit kon alleenlik geskied het vanweë 'n gevoel van opregte in- en mellewing van die dosent met die student en sy studieprobleme. Die ruim getal dosente wat teenwoordig was, getuig van hulle mening dat kennis van leersielkunde nodig is om vakkundige kennis suksesvol oor te dra. Dit bevestig die gedagte dat die Universiteit selfs sy eie dosente in universiteitsdidaktiek moet oplei, want wat doseer word, moet ook kan geleer word!

Hierdie simposium sal ook nie net maar in die koue vergetelheid gelaat word nie – die gebruiklike roemlose eindes van simposia. Trouens, die Rektor self het in sy verwelkomings toespraak baie duidelik om opvolgwerk gevra! Later in die jaar sal dus werklike opvolgwerk gedoen word. Reëlings is reeds gedeeltelik daarvoor getref.

Soos te verwagte bestaan daar 'n positiewe korrelasie tussen die peil van matrikulasie-uitslae en universiteitsprestasies, maar daar is ook vele ander bepalende faktore benewens basiese intelligensie. Motivering, opvoedkundige en huislike agtergrond, sosiale aanpassing, omstandighede waaronder gestudeer word, die interessanterheid en wyse van aanbieding van die vak, die gehalte en hoeveelheid kennis deur die student tydens die skooljare opgedoen, suksesvolle studiemetodes en selfstudie, asook aan-

passing by die peil van die universiteit het ook sterk invloed op suksesvolle studie.

Daar is dus baie faktore wat die persentasie van druipeleinge bepaal. Uiteindelik is dit die *student* wat druipe of slaag, maar die *persentasie* druipeleinge of geslaagdes in 'n vak mag ook direk korreleer met die graad van suksesvolle aanbieding van die leerstof deur die dosent. Dit is op hierdie punt dat die Universiteit van Stellenbosch graag positief wil optree.

Uit 'n verslag van die Buro vir Studentevoorligting van die Universiteit van Stellenbosch het dit duidelik gevlyk dat slegs met uitsondering van een kategorie, studente wat in koshuise inwoon met bv. 60% slaagsyfer in die Senior Sertifikaatskamen beter vaar op Universiteit as hulle ewe bekwame medestudente wat privaatloseer. Uit 'n oorsig oor die bedrywighede van die Universiteit in 1972 deur die Rektor voor die Konvokasie gelewer, blyk welke pogings die universiteitsowerhede aanwend om steeds meer losies in koshuise te verskaf.

Ook wat leermiddels, leergeriewe en ander hulpmiddels betrek, probeer die Universiteit om die beste te voorsien. In die vorige twee jaar is, afgesien van nuwe geboue, 'n bedrag van R260 000 aan moderne laboratoriumtoerusting vir voortgraadse studente bestee en binne die nabye toekoms sal nog R130 000 bestee word, want die student moet op die hoogte wees van die beste beskikbare apparatuur. Dit sal die doseerde personeel nog beter in staat stel om die beste resultate met hulle studente te behaal en die bewys lewer dat die Universiteit met nuwe ontwikkelinge probeer tred hou.

Die taak van 'n dosent is veeleisend. 'n Student moet nie net oor die inhoud van sy kursus ingelig word nie, maar ook oor waarheen sy studie lei. Boonop is die dosent nie net 'n mededeler van kennis nie, maar moet hy ondanks al die tegniese hulpmiddels wat die onderrig dalk onpersoonlik kan maak, nog steeds 'n simpatieke medemens teenoor sy student wees.

Die hartlike verhouding tussen dosent en student is een van die sluitstene vir suksesvolle onderrig. Prof. Giel Stander het juis gepleit dat elke dosent vir elke student 'n vertrouenskrediet in sy hart sal oopmaak en sal onthou dat vir die meeste studente die Universiteit eintlik hul eerste werklike toetssteen is.

Van die dosent se kant af moet ook voortdurend besondere aanpassingsvermoë wees, want hy moet gewillig wees om nuwe onderrigmetodes te ontgin, te beproef en uit te bou – of dalk sy persoonlike lieflingsmetodes te verwerp! Hy moet ook in alle opregtheid sy kursusse toets en aanpas by nuwere kennis en die vereistes van vandag, mōre en selfs oormōre.

Wanneer die Dekaan van Geneeskunde by geleenheid gesê het dat geneeskundige onderrig gekompliseerd is en dat daar derhalwe noue verband moet bestaan tussen die fasilitete vir opleiding en beoefening van die verskillende vertakkinge van die geneeskunde, is dit ook waar t.o.v. die meeste ander dissiplines.

Die fenomenale toename in kennis het meegebring dat 'n bepaalde persoon net sekere aspekte van sy vak volledig kan baasraak. Dit het noodwendig tot spesialisasie geleid – wat op sigself verdienstelik is, maar daar moet gewaak word teen afbakening en isolasie in studieselle. Om dit te vermy, moet daar geredelike toegang tot en raadpleging tussen die verskillende departemente van 'n fakulteit, of ook fakulteite onderling, wees want sommige mense raak so behep met die studie van die borne rondom hulle dat hulle nie die groot woud raak sien nie.

Vandag beweeg ons nie meer teen „The pace of the ox“ nie. In 'n supersoniese eeu volg ons al meer die grootsirkel deur die lug as kortpad direk op ons doelwit af. Prakties gestel: 1973 se dosente moet 1973 se metodes toepas om 1973 se kennis oor te dra.

#### UNIVERSITEITSRAAD: NUWE LEDE

*Mnr. J. G. van der Horst* is in die plek van dr. M. H. de Kock deur die Staatspresident in die Universiteitsraad benoem.

*Prof. F. C. Fensham* is deur die Senaat van die Universiteit in die plek van prof. J. F. Kirsten benoem.

*Mnr. C. W. Marais* is deur die plaaslike munisipaliteit in die plek van prof. J. C. de Wet benoem.

## Ons Eer hul Nagedagtenis

*Prof. C. R. Kotzé*, vroeëre hoogleraar in geskiedenis aan die Universiteit van Wes-Kaapland, is op 3 Desember verlede jaar aan 'n hartaanval oorlede. Hy is op 29 Augustus 1913 in Salisbury gebore en het sy studie op Stellenbosch voltooi waar hy ook 'n tyd lank lektor was. Hy was o.a. rektor van 'n korrespondensiekollege en professor in geskiedenis aan die Universiteit Westville Durban (Indiërs) voor hy in 1965 na Wes-Kaap is.

*Mnr. Sas (J. S.) de Kock* is op 4 November verlede jaar in die ouderdom van 76 jaar in George oorlede. Hy was 'n legendariese rugbyspringboklosskakel wat reeds in 1916 deur Oubaas Mark op Stellenbosch raakgesien is. Sy spanmaats was o.a. Mannetjies Michau, J. J. Strasheim, Japie Krige, P. K. Albertyn en Theo Pienaar.

Hy was van 1924 tot 1957 met sy afdrede 'n lid van die personeel van die Hoërskool Outeniqua, George.

*Prof. A. B. du Preez* is op 9/2/73 aan 'n hartaanval oorlede. Hy was professor in die dogmatologiese vakke aan die Universiteit Pretoria se fakulteit van teologie. Na sy studie aan U.S. en die Kweekskool het hy sy doktorsgraad te Amsterdam behaal. Hy was 'n man van helder siening en was 'n steunpilaar van die N.G. Kerk in Transvaal.

*Mev. Elizabeth M. B. Coetzee*, tydens haar dosentskap aan U.S. bekend as *Elize Lubbe*, is op 15 September 1972 aan die Strand oorlede. Sy word oorleef deur mnr. P. J. Coetzee, ook 'n oud-Matié en vroeëre hoof van die Hoërskool Luckhoff te Stellenbosch.

Mev. Coetzee het haar musiekopleiding aan die Konservatorium o.l.v. prof. Fismer begin. Sy was baie gewild by sang- en orkesuitvoerings.

*Mnr. Johannes C. Roelofse*, in lewe 'n inspekteur van Onderwys, is op 20 Januarie vanjaar in die ouderdom van 56 jaar oorlede. Hy het sy M.Sc. aan U.S. behaal,

# Grade- en Diplomaplegtighede 6, 7, 8 Desember 1972

was o.m. skoolhoof op Stanford, Calvinia en Malmesbury en ses jaar senior lektor in fisika aan U.S. Hy was bekend weens sy deeglikheid, helderheid en menslikheid. Hy laat sy vrou, 'n seun en twee dogters agter.

**Mnr. J. C. Thom** van Cradockstraat, George, is in die ouderdom van 76 jaar te Bellville oorlede. Hy was 'n oud-Matie wat reeds in 1921 sy Landboudiploma en in 1923 sy Laer Sekondêre Sertifikaat behaal het. Sy laaste onderwyspos was op George waar hy in 1956 afgetree het.

Hy word oorleef deur sy eggenote, sy seuns ds. Kobus Thom van George en dr. Carel Thom van Bellville, asook deur sy dogter mev. Frankie Olivier van Riversdal.

## VORIGE OUDSTE OUD-MATIE OORLEDE

**Mnr. Philippus Stephanus du Toit**, in lewe chronologies die oudste oud-Matie is op 26 Februarie 1973 te Bellville oorlede, nadat hy vroeër in die dag nog inkopies gedoen het. Hy was 93 jaar oud.

Mnr. Du Toit, bekend as Oom Flippie, het van 1904 tot 1905 aan die Victoria-Kollege gestudeer, maar omdat sy geld opgeraak het, het hy net die intermediaire B.A.-diploma verwerf. Na 'n aantal jare in die onderwys, het hy geboer en later in Bellville gewoon.

Meer as 1 500 grade en diplomas is op die grade- en diplomaplegtighede van die Universiteit van Stellenbosch toegeken. Hiervan was een 'n eredoktoraat en sewentien doktorate.

Onder die doktorate is daar verskeie interessante proefskefte, terwyl 'n Amerikaanse burger, mnr. B. R. Burrage, ook 'n doktoraat ontvang het. Hy het die graad Ph.D. na 'n deeglike en uitgebreide studie van ekologie en gedrag van sekere reptiele in die Namib-woestyn en in die omgewing van Stellenbosch verwerf.

'n Proefskef van besondere belang vir Wes-Kaapland is dié van mnr. J. N. Steyn, lektor in Geografie aan U.S., wat geskryf het oor die toeristebedryf in Suid-Kaapland. Mnr. Steyn se studie is die eerste volwaardige navorsingstuk wat in ontspanningsgeografie in S.A. aangepak is.

Mnr. Thomas Dreyer, wat die graad Ph.D. verwerf het, is nog 'n baanbreker. Dit is die eerste keer dat 'n Ph.D. in Toegepaste Wiskunde aan U.S. toegeken is.

## Gedagtes Gelug by die Gradeplegtighede

### D.R. J. S. GERICKE (VISE-KANSELIER)

'n Graadtoekenning is nie finaal en volledig nie. Daar moet geen punt agter die studieproses geplaas word nie, hoewel daar in ons tyd „gearchiveerde“ mense is wat meen dat hulle opinies volledig geldend is. Die lewe gaan 'n groot vrag probleme voor u deur afhaai. Mag u genade ontvang om hulle op te los. Elke geslag ontwikkel sy eie skouerbreedte om die probleme van sy tyd te dra.

*Aan dr. André du Toit:* U het baie meer eer aan u alma mater laat toekom as wat sy aan u kan verleen met die eredoktorsgraad.

PROF. J. N. DE VILLIERS  
(REKTOR)

Ek weet nie of u as studente dit besef nie . . . maar u jeug is nou agter die rug . . . u is nou volwasse!

Ons is trots daarop om u die land in te stuur om te gaan dien!

U het nou u sertifikaat ontvang, maar u het ook baie ander dinge ontvang . . . karakterbou.

Mag u altyd die entoesiasme van die jeug behou en altyd student bly.

Bly getrou aan u beginsels; wees eerlik teenoor ander – en teenoor selfs.

Werk hard – veral wanneer jou medemense al minder werk, want die lewe is hard en vol eise van verantwoordelikheid.

Wanneer u uitgaan om te werk, sal u as 'n oud-student van hierdie Universiteit bestempel word – dit is reeds 'n groot verantwoordelikheid!

Laat u hoeksteen wees: Geloof in God!

ANDRÉ JACOBUS DU TOIT, D.S.C. IN  
LANDBOU (H.C.)

*Dr. André du Toit* is op 7 Maart 1914 in Tulbagh gebore. Na sy skoolopleiding aan die Hoër Jongenskool in die Paarl het hy aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer waar hy die grade B.Sc. (1935) en M.Sc. in Landbou (1937) albei met lof behaal het.

In 1937 is hy as lektor en navorsingsbeampte in Wynbou en Wynbereiding by U.S. aangestel, maar 'n jaar later het hy hom op die plaas Paarl-Vallei op die boerdery gaan toelê en as boer spoedig 'n leidende rol in die georganiseerde landbou gespeel. In talle plaaslike, Bolandse en nasionale landbouliggame het hy, en neem hy nog steeds, 'n leidende rol. Met verloop van tyd is sy bekwaamheid ook deur die nywerheid tot in die buiteland, asook deur die regering van S.A. erken en word van sy dienste op 'n wye spektrum van gebiede gebruik gemaak.

Geen wonder dus dat sy besondere veelsydigheid, deeglikheid en leiershoedanighede hom tot die hoogste sport in die koöperatiewe wynbedryf gevoer het toe hy in 1952 tot direkteur en in 1958 op die betreklik jeugdige ouderdom van 44 jaar tot Voor-sitter van die K.W.V. verkies is nie. Hierdie posisie beklee hy vandag nog. Dit is veelseggend dat in 1957 die totalewynoos van S.A. van 519 000 lêer tot 957 000 in 1971 (veertien jaar later) gegroeï het. Die geldwaarde het ongeveer vier maal van

R12 179 000 tot R52 625 000 in genoemde periode gestyg.

Dr. Du Toit is 'n afgeronde persoon. Op sy gesig dra hy 'n spontaan-vriendelike lag, in sy omgang is daar hartlikheid, in sy bedryf het hy 'n sukses gemaak, as ekonoom word sy dienste landswyd gebruik, maar op Paarl-Vallei is hy en sy eggenote, voorheen mej. Elise Malan, dogter van wyle prof. D. G. Malan van die Kweekskool, lewend toonbeeld van die Suid-Afrikaanse boeretradsie op sy beste. Daarom is sy belangstelling ook ruim in die opvoedkunde en was hy dienend in die komitees van die Paarl se vernaamste opvoedkundige instellings en is hy ook ouderling van sy kerk.

Die egpaar het drie dogters en een seun wat onder Pa se oog die modelboerdery voortsit – anders kan Pa nie die (K.W.V.) ketel aan die stook hou en die landsbelange dien nie.

BY DIE NOENMAAL

In sy heildronktoesprakie het *prof. C. R. Liebenberg*, dekaan van die Fakulteit van Landbou, dr. Du Toit genoem as die eerste oud-student van U.S. se land-

*Dr. A. J. du Toit*



boufakulteit aan wie 'n eredoktorsgraad toegeken is.

Hy het dr. Du Toit bestempel as 'n man van drie B's: 'n bereidwillige, 'n beredenerende en 'n billike mens – almal eienskappe van 'n leier.

Die tradisionele Dagbreek-Wilgenhof-vete is bygehaal toe prof. Liebenberg beklemtoon het dat dr. Du Toit 'n oud-Dagbreker en nie 'n oud-Wilgenhoffer is nie. (Aangesien die ete in Dagbreek aangebied was en die noenmaal reeds 'n gemoedelike stadium bereik het, is die opmerking deur die talle aanwesige Wilgenhoffers grootmoedig aanvaar.)

In sy antwoord het dr. Du Toit gesê dat om so 'n eregraad te ontvang die grootste eer is wat enige

DIE FOUCHÉS: OUPA, SEUN EN KLEINSEUNS

7 Desember 1972

Die Staatspresident, dr. J. J. Fouché, D.Phil. (h.c.) (Stell.) 1955 (tweede van regs); sy seun, dr. J. J. (Bux) Fouché, LL.D. (Stell.) 1964 (tweede van links); Jimmy, oudste seun van dr. Bux, LL.B. (Stell.) 1972 (links) en Koos, tweede seun van dr. Bux, B. in Landboubestuur (Stell.) 1972 (heel regs).

Matieland sê: Van harte geluk! Dit is 'n besondere dag in die lewe van enige oupa.

oud-student aangedoen kan word. Omdat 'n mens onder eie stoom nie veel vermag nie, het hy hulde gebring aan sy ouers – deeglike godvresende mense, en sy vader, 'n knap boer. Van sy oud-onderwysers was dit veral Oom Sonnie le Roux wat sy oë vir die natuur geopen het. Van sy oud-professore het hy veral eer aan proff. H. B. Thom en M. S. du Toit gebring. Onder diegene met wie hy in die georganiseerde landbou skouer aan skouer staan, het hy veral dr. Giepie Rossouw en adv. Paul de Villiers genoem.

## Nuwe Doktore

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Die Graad D. Litt.

LAUBSCHER, Francois du Toit


Proefschriftonderwerp: „*Aharît Hajjamîn in die Qumrangeskrifte*”.

Promotor: Prof. F. C. Fensham.

VAN DER VYVER, David Hermanus

Proefschriftonderwerp: „*Konfrontative Untersuchungen in vier temporalen Kategorien des Afrikaans und des Deutschen*”.

Promotor: Prof. G. P. J. Trümpelmann.



*Die Graad D. Phil.*

BROEKMANN, Neil Charles

Proefskrifonderwerp: „A Psychophysiological Investigation of the Rorschach Test”.

Promotor: Prof. J. M. du Toit.

MÖLLER, Andries Theron

Proefskrifonderwerp: „Spanning en persoonlikheid: 'n vergelykende studie van peptiese ulkuspatiënte met neurotici”.

Promotor: Prof. A. B. van der Merwe

STEYN, Jacobus Nicolaas

Proefskrifonderwerp: „Die Suid-Kaapse Toeristebedryf: Geografiese patronen en invloede op regionale ontwikkeling”.

Promotor: Prof. W. S. Barnard

VAN DER MERWE, Izak Johannes

Proefskrifonderwerp: „Die differensiële evolusiegang van die interne stedelike ruimte van Kimberley”.

Promotor: Prof. A. Nel.

FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

*Die Graad D.Sc.*

SCHOCH, Ayla Ernest

Proefskrifonderwerp: „The Darling Granite Batholith”.

Promotor: Prof. W. J. Verwoerd.

*Die Graad Ph.D.*

BURRAGE, Bryan Ronald

Proefskrifonderwerp: „Comparative ecology and behaviour of Chamaeleo pumilus (Gmelin) and C. namaquensis A. Smith (Sauria Chamaeleonidae)”.

Promotor: Prof. G. N. Louw.

DREYER, Thomas Prins

Proefskrifonderwerp: „Bestaanstellings vir Hopf-type swak Oplossings van Paraboliese Navier-Stokes-vergelykings in Nie-silindriese Gebiede”.

Promotor: Dr. N. Sauer.

SAAYMAN, Rikus

Proefskrifonderwerp: „Shell and unified nuclear model calculations – Shell model calculations with a surface delta effective interaction on light nuclei with  $10 \leq A \leq 15$  and unified model calculations in weak intermediate coupling on non-deformed odd- $A$  nuclei:  $^{45}\text{Sc}$ ,  $^{75}\text{As}$  and  $^{93}\text{Nb}$ ”.

Promotor: Prof. J. H. van der Merwe.

VAN DER MERWE, Emiel Jacobus

Proefskrifonderwerp: „Kern- en Biofisiiese metinge met verstrooiende Gammastraling”.

Promotor: Prof. W. L. Mouton.

FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

*Die Graad D.Ed.*

FOX, Herberg Ebenezer

Proefskrifonderwerp: „n Empiriiese ondersoek na die moeilikhedswaarde van die Chemie-items in die sillabus vir Natuur- en Skeikunde in Kaapland met die oog op die samestelling van 'n verdunde sillabus”.

Promotor: Dr. F. B. Muller.

FAKULTEIT VAN LANDBOU

*Die Graad Ph.D. (Landbou)*

ENGELS, Elias Albertus Nel

Proefskrifonderwerp: „A study of the Nutritive Value of Natural and Sown Pasture in the Central Orange Free State with special reference to the Energy requirements of sheep”.

Promotor: Prof. F. J. van der Merwe

TERBLANCHE, Johannes Hendrik

Proefskrifonderwerp: „Seisoensopname en Verspreiding van Tien Voedingselemente by Jong Appelbome gekweek in Sandkulture”.

Promotor: Prof. A. A. Theron.

FAKULTEIT VAN TEOLOGIE

*Die Graad D.Th.*

BASSON, Albertus Johannes

Proefskrifonderwerp: „Jung en Seksualiteit – 'n Besinning oor die Taak van die Kerk”.

Promotor: Prof. D. W. de Villiers.

FERREIRA, Ignatius Leopoldus

Proefskrifonderwerp: „Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch (1858-1963)”.

Promotor: Prof. T. N. Hanekom.

FAKULTEIT VAN GENEESKUNDE

*Die Graad Ph.D. in Geneeskundige Wetenskappe*

RETIEF, Andries Edmund

Proefskrifonderwerp: „The Fluorometric Analysis of Human Chromosomes”.

Promotor: Prof. W. A. van Niekerk.



#### NUWE DOKTORE

Voor, l.n.r.: Dr. D. H. van der Vyver, dr. (ds.) A. J. Basson, dr. A. E. Retief, mnr. T. G. D. van Schalkwyk (Registrateur Finansieel), Prof. J. N. de Villiers (Rektor), dr. J. S. Gericke (Vise-Kanselier), dr. André J. du Toit, dr. I. L. Ferreira, mnr. R. P. Conradie (Registrateur Akademies), dr. T. P. Dreyer.  
Apter: Drr. E. A. N. Engels, F. du T. Laubscher, H. E. Fox, E. J. van der Merwe, A. E. Schoch, N. C. Broekmann, A. T. Möller, J. N. Steyn, I. J. van der Merwe, R. Saayman, J. H. Terblanche.

#### STIPENDIA

1. *Croll-Stipendium (R1 800 p.j. vir 2 jaar)*  
Toegeken aan mnr. P. W. van der Walt, B.Sc., B.Ing., *Cum Laude*, Desember 1970.
2. *Koningin Victoria-Stipendium (R2 000 p.j. vir 2 jaar)*  
Toegeken aan mnr. J. M. Kirsten, M.A. (Filosofie), *Cum Laude*, Desember 1971.

#### MEDALJES

1. *S.A.O.U.-Medalje* (finalejaarstudent, primêre onderwysdiplomakursus) aan mnr. A. F. van Niekerk, D.O.S.K.
2. *S.A.O.U.-Medalje* (finalejaarstudent, sekondêre onderwysersdiplomakursus) aan mej. C. E. M. O'Dowd, S.O.D., *Cum Laude*.
3. *Die Professor P. A. van der Bijl-Gedenkpenning* en *Die Professor A. I. Perold-Gedenkpenning* vir die twee beste finalejaarstudente in Landbou, aan:
  - (i) mnr. S. O. Vermeulen, B.Sc., in Landbou, *Cum Laude*.
  - (ii) mnr. G. F. Marais, B.Sc., in Landbou, *Cum Laude*.


#### GOUE MEDALJES

1. *S.A.O.U.-medalje* vir die beste finalejaar-B.Ed.-student aan mnr. G. Visser, B.Ed., *Cum Laude*.
2. *Geneeskunde-medalje* vir die beste finalejaar M.B., Ch.B.-student aan mnr. R. de V. Kotzé, M.B., Ch.B., *Cum Laude*.
3. *Die Kanseliersmedalje*

Hierdie medalje, wat deur die Kanselier, Sy Edele dr. B. J. Vorster, geskenk is, word toegeken aan die beste finalejaarstudent aan die Universiteit, en is toegeken aan mnr. J. J. Conradie, M.Sc., in Wiskunde, *Cum Laude*. (Hy het 'n gemiddelde van 88,1% tot en met die M.-graad behaal.)

#### DIE KAP (B.Th.) MAAR NIE DIE BEF NIE!

Mej. Margaretha Vermaak is die eerste dame wat die B.Th.-graad – en nogal met lof – ontvang het. Sy sal egter nie die predikantstoga mag dra nie. Mnr. T. G. D. van Schalkwyk (Registrateur Finansieel) wat vir haar die kap omhang, is darem self 'n rustende ouderling.



# Aanstellings en Bevorderings

VASTE DEKAAN VIR INGENIEURSWESE:  
PROF. J. W. R. DE VILLIERS

*Prof. J. W. R. de Villiers*, hoogleraar in toegepaste wiskunde aan U.S., is met ingang 1 Januarie 1973 vir 'n tydperk van vyf jaar as vaste dekaan van die Fakulteit van Ingenieurswese aangestel. Dit is die eerste keer dat 'n vaste dekaan vir dié fakulteit aangestel word. Die ander vaste dekaanskappe aan U.S. is

*Prof. H. S. Breytenbach*



prof. A. J. Brink vir Geneeskunde en prof. W. L. Mouton vir Natuurwetenskappe.

Prof. De Villiers, wat die grade B.Sc. (Ing.), cum laude, en M.Sc. aan U.S. en die graad Ph.D. aan die Universiteit van Cambridge verwerf het, is sedert 1955 dosent aan U.S.

FAKULTEIT TANDHEELKUNDE SE DEKAAN:  
PROF. F. X. PRINS

In die Fakulteit van Tandheelkunde is *prof. F. X. Prins*, wat onlangs as hoogleraar in herstellende tandheelkunde aan U.S. aangestel is, die nuwe dekaan. Hy volg wyle prof. J. van de S. de Villiers op, wat verlede jaar oorlede is.


HOOGLEERAAR IN MONDCHIRURGIE:  
PROF. H. S. BREYTBACH

Ook in die Fakulteit van Tandheelkunde is *dr. H. S. Breytenbach* met ingang 1 April 1973 aangestel as hoogleraar in mondchirurgie. Hy het die grade B.Sc. en B.Ch.D. aan die Universiteit van Pretoria verwerf en het as tandarts in Brittanje, Pretoria en Kaapstad gepraktiseer. Hy is voorsteer van die Tandheelkundige Vereniging van Wes-Kaapland en president van die Tandheelkundige Odontologiese Vereniging.

PROFESSOR IN SIVIELE INGENIEURSWESE:  
PROF. R. J. DU PREEZ

*Prof. R. J. du Preez*, hoofontwerp-ingenieur by 'n raadgewende firma in Pretoria, is met ingang 1 Januarie 1973 aangestel as hoogleraar in siviele ingenieurswese aan U.S.

Hy het die graad B.Ing. (Siviell) in Maart 1964 met lof aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Daarna het hy die graad M.Sc. in Ingenieurswese aan die Universiteit van Illinois in die V.S.A. met 'n A vir alle vakke verwerf en in Mei vanjaar die graad D.Ing.



Prof. R. J. du Preez

met onderskeiding aan die Universiteit van Stuttgart in Duitsland.

#### PROFESSOR IN MONDPATOLOGIE:

PROF. C. W. VAN WYK

Dr. C. W. van Wyk wat in 1972 die graad Ph.D. in odontologie aan U.S. verwerf het – die eerste keer dat hierdie graad aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit toegeken is – is verlede jaar bevorder tot hoogleraar in mondpatologie. Sedert die dood van prof. J. F. van de Sandt de Villiers was hy waarnemende dekaan van die Fakulteit van Tandheelkunde tot die dekaanskap deur prof. Prins oorgeneem is.

(Sien verdere besonderhede en foto in *Matieland*, Desember 1972, bl. 14.)

Dr. R. Peters is met ingang 1 April 1973 in die Fakulteit van Tandheelkunde aangestel as senior lektor A. Dr. Peters het die graad B.Ch.D. in 1962 aan die Universiteit van Pretoria verwerf en toe in 1968 die graad M.B., Ch.B. aan U.S.

## Bevorderings

Mej. N. J. Botha, voorheen lektrise in Maatskaplike Werk is bevorder tot senior lektrise met ingang 1 Januarie 1973.

Mnr. E. van der M. Smit is bevorder tot lektor in wiskundige statistiek met ingang 1 April 1973.

Dr. M. A. du Toit, senior lektor in bedryfsekonomie, is as hoof van die buitemuurse afdeling van die fakulteit van handel en administrasie aangestel.

#### PROF. DE VOS WORD BRIGADIER

Prof. P. J. G. de Vos, vaste dekaan van die Fakulteit van Krygskunde van U.S. te Saldanha, is van Kolonel tot Brigadier deur die S.A. Weermag bevorder.

## Aanstellings

Dr. G. A. H. Dedeck as senior lektor in Duits met ingang 1 April 1973.

Dr. G. W. S. van Rooyen as senior lektor in wiskunde met ingang 1 Januarie 1973.

Dr. K. G. Hoppe as senior lektor in werktuigkundige ingenieurswese met ingang 1 Maart 1973.

Dr. A. V. van Stekelenburg as lektor in Latyn met ingang 1 Januarie 1973.

Mnr. H. W. le Roux as lektor in elektrotegniese ingenieurswese met ingang 1 Januarie 1973.

Mnr. D. G. Nel as senior lektor in wiskundige statistiek met ingang 1 April 1973.

Mnr. G. J. Kotze is aangestel as lektor in Maatskaplike Werk vanaf 1 Januarie 1973.

Mnr. C. J. Hansen is as lektor in drama (toneelspel en regie) met ingang 1 Januarie 1973 aangestel.

#### AANSTELLINGS IN ARBEIDSTERAPIE

Mej. A. P. Dyke is bevorder tot lektrise in arbeidsterapie en as hoof van die departement.

Mej. A. Naudé is as lektrise aangestel.

# Gesellig

## Professor Hans Trümpelmann

GEDAGTES RONDOM SY UITTREDE

Deur Prof. H. B. Thom, Oud-Rektor

Toekomstige professor Hans Trümpelmann aan die einde van 1972 sy professoraat en hoofskap van die Departement Duits aan die Universiteit van Stellenbosch neerlê, het ek dadelik die behoefte gevoel om 'n paar reëls te skryf.

Ek het nog die ou Departement Duits aan die Universiteit geken, toe Friedlaender en Hoge daar gestaan het, en hoe heerlik het ons jong manne nie daar gewerk nie! Hierdie Departement was vir die Universiteit tegelyk 'n bolwerk en 'n sieraad.

Toekomstige professor en hoof moes gevind word, 'n hoof wat die man daarna sou wees om te ploeg en te saai, te besiel en te lei, te volhard en te bou. Wat bereik was, moes verder gevoer word; die fondament was gelê, die gebou moes verrys, en dit was nie elke man se werk nie.

Die Universiteit het daarstiglik na die regte persoon gesoek, in Suid-Afrika, in Duitsland en in ander lande. Ek was toe in die Aanstellingskomitee en het dit meegebring. Daar was baie „kandidate“, en welmenendes het nie geaarsel om „geskikte“ persone aan te beveel nie.

Maar die Universiteit was nie haastig nie – en ek is tot vandag toe dankbaar – want ons wou 'n besondere man hê: hy moes vanselfsprekend vakman wees, maar hy moes hom ook geroepe voel, geroepe vir Stellenbosch en sy studente, om die werk van Friedlaender en Hoge tot ware wasdom te bring, sodat die hele Suid-Afrika die vrugte sou pluk. Die Afrikaner en die Duitser staan per slot van rekening kultureel en histories naby aan mekaar, en 'n professor en hoof van 'n Departement Duits op Stellenbosch is by uitnemendheid geroepe om, in belang van albei, sinvolle uitdrukking hieraan te gee.

Eindelik het ons Hans Trümpelmann gekry... die navrae, die geduld, die soek en wag was die moeite werd.

Georg Paul Johannes Trümpelmann (weer die goeie ou Duitse gewoonte van lang name waaraan die kind swaar dra!) is geboortig uit Pretoria en wel uit 'n Duitse sendelinghuis. Hy het 'n deeglike wetenskaplike vorming deurgegaan, in Suid-Afrika (veral Pretoria) en aan die Universiteit van Leipzig, en was daarna dosent aan verskeie Suid-Afrikaanse universiteitsinrigtings, t.w. Witwatersrand, Natal, die O.V.S. en Pretoria, voordat hy na Stellenbosch gekom het. In die tyd van administrateur A. J. Werth was hy ook lank in Suidwes werksaam, waar hy sy vernaamste geskiedkundige navorsing gedoen het en hom ook aktief vir kuns en kultuur, o.a. veral vir die Afrikaanse drama en toneel, beywer het.

Uit sy pen het veel verskyn, en hy het oor 'n verskeidenheid van onderwerpe gehandel. Dit is onmoontlik om hier 'n oorsig daarvan te gee, en slegs 'n lys van sy geskrifte sou alleen al bladsye vul.

Vir my is een van sy beste bydraes nog steeds sy studie oor *Die Boer in Suidwes-Afrika*: Hier het ons kalme, intringende wetenskaplike werk wat 'n ware bydrae tot ons kennis uitmaak. Dan ook het ek reeds 'n paar keer met genoeë die bronnek-publikasie geraadpleeg wat hy vir die Van Riebeeck-Vereeniging besorg het, *Maléo en Sekoekoeni*, daardie mooi vertaling deur wyle prof. J. F. W. Grosskopf van Wangemann se geskrif. Verder is daar die bekende Duits-Afrikaanse Woordeboek, wat prof. Trümpelmann saam met prof. H. G. Schulze opgestel het en reeds sy sewende druk beleef het, en bowendien die groot aantal bydraes oor letterkundige en taalkundige onderwerpe en dié oor kuns en kunstenaars.

Ek sou 'n ernstige gaping laat as ek nie prof. Trümpelmann se betekenisvolle werk in liggame van die Universiteit, en daarbuite, noem nie, bv. die Senaat, die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, en Senaats- en Fakulteitskomitees, en buite die Universi-

teit die Akademie, die Kaapse Drie-Eeu-Stigting, die Raad van Beheer van die Afrikaanse Woordeboek en die Kuratore van die Nasionale Kunsmuseum. Ek kan met stelligheid verklaar dat ek my taak om 'n Departement van Drama en 'n Departement van Beeldende Kunste aan die Universiteit van Stellenbosch tot stand te bring, nooit met soveel vrug sou kon volvoer het as dit nie vir die insigryke, lojale ondersteuning van Hans Trümpelmann was nie. Toe die eer hom te beurt gevall het om die eerste Suid-Afrikaner te wees aan wie die gesogte Goethe-medalje toegeken word, was dit seldsame, welverdiende internasionale erkenning.

Hy is voorwaar 'n merkwaardige man: 'n indringende, heldere gees, wat die essensiële onderskei en daarvolgens handel; 'n deurdrywende mens wat hom nie deur teenslae laat onderkry nie, maar sy blik steeds vas op sy doelwit hou; 'n seldsame kombinasie van kalme wetenskaplike en fynbesnaarde kunssinnige geesteskwaliteit. En bo alles troon uit die ewewigtige vaderlander, hy wat hom met hart en siel in die diens van sy land, Suid-Afrika, stel om dit wat goed en mooi in die Duitse kultuur is, ten dienste van Suid-Afrika te stel, en ook weer dit wat goed en mooi in Suid-Afrika is, aan Duitse oord tuis te bring.

Maar Franklin het gesê: *A man rises to the level of his wife.* Só was dit ook met Hans Trümpelmann. Rohtraut kom van mense uit my ou kontrei, die Holms van Grootrivier, daar tussen Burgersdorp en Bethulie. Laat ons goed verstaan: Dit is in 'n hoë mate aan haar te danke dat Hans Trümpelmann geword het wat hy is. Getrou aan sy sy, was sy vrou en moeder in haar huis, en, net soos hy, kunssinnig van gees: haar treffende pottebakkerswerk het bv. wyd en syd bekend geword en haar skeppinge bring vreugde in menige huis.

Stellenbosch kan verheug wees dat hierdie twee mense hier bly woon, in hulle mooi huis teen die rant in Dalsig. En ons weet hulle gaan nie stilsit nie: hulle werk sal in ons midde voortgaan, en hulle invloed sal steeds versprei word.

Aan twee vriende van kwaliteit sê ons *Baie dankie!* Ons bid hulle toe geluk en goeie gesondheid, en vreugde in die dae wat voorlê.

*Die Staatspresident, dr. J. J. Fouché, in gesprek met prof. H. B. Thom (middel) en prof. G. P. J. Trümpelmann (regs) op 10.3.69 in die Raadskamer van die Universiteit toe deel wyp van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal aan die President oorhandig is.*



## Afskeid aan Dosente

Soos die gewoonte is, is op 22 November verlede jaar op die laaste dag vir die inlewering van eksamensyfers vir die vakke waarin eksamen afgelê is, van klassyfiers vir die voortsettingsvakke en van bywoningssertifikate vir bywoningssvakke, die jaarlikse afskeidsgeselligheid deur die Rektor in Simonsberg aangebied. Die *laatnamiddagonthaal* rek dan tot *vroegaand* – die figuurlike jukke word op 'n hoop gepak!

Die senior persone van wie afskeid geneem is, benewens die ander vertrekendes, was proff. J. C. de Wet, G. P. J. Trümpelmann, Erika Theron, J. W. Postma, dr. Jan Bouws en mnr. D. A. Schoonees.

Spesiale artikeltjies en foto's het reeds van die volgende persone in *Matieland* verskyn:

Prof. J. C. de Wet: *Matieland*, Desember 1972, bl. 20.

Prof. Erika Theron: *Matieland*, Desember 1972, bl. 20.

Dr. Jan Bouws: *Matieland*, Desember 1972, bl. 31.

### VAN HULLE IS AFSKEID GENEEM

In November verlede jaar is van vertrekende en aftredende dosente afskeid geneem. Op die foto, l.n.r., verskyn: Mnr. D. A. Schoonees, prof. J. W. Postma, prof. Erika Theron, dr. Jan Bouws, prof. G. P. J. Trümpelmann en prof. J. C. de Wet.

J. W. POSTMA, D.ED. PH. (STELL.)

Prof. Han (Johan Willem) Postma is in Nederland gebore waar hy die Middelbare Akte in Pedagogiek behaal het. Hy het hom veral op die bewegingstempo van sportmanne toegelê. As opvoedende onderwyser was hy ook sekretaris van die Christelike Jonge Manne Vereniging in Amsterdam. As atleet het hy in die driesprong uitgeblink.

In 1940 het prof. Postma, sy vrou en sy dogter na Stellenbosch na die departement van Liggaamlike Opvoedkunde gekom. Hy self was die eerste kandidaat wat 'n doktorsgraad in Liggaamlike Opvoedkunde aan U.S. en in S.A. verwerf het.

As wetenskaplike het hy verskeie projekte ondernem waarvoor hy erkenning in die vorm van beurse van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gekry het. 'n Aansienlike getal publikasies het uit sy pen verskyn of is deur hom geredigeer. Hy is 'n pionier in liggaamlike opvoedkunde in S.A.

D. A. SCHOONEES, M.Sc.

Mnr. Schoonees is op 26 September 1907 te Steytleville gebore. In 1932 het hy sy onderwysloopbaan op Seodin, Kuruman, begin nadat hy sy studie aan U.S. voltooi het. Na verskeie ander onderwysposte, waarvan twintig jaar te Stellenbosch aan die Paul Roosgymnasium, was hy van 1966 tot 1972 aan die Fakulteit van Opvoedkunde van U.S. verbond.

Altesame was hy 41 jaar in die onderwys en het hy in die leerplankomitees vir Junior Algemene Wetenskap en Senior Biologie gedien. Ook het hy 'n *Gids*



*vir Biologie* vir die Matrikulasieraad opgestel. Hy is die ontdekker van die mikroskopies klein vygie wat na hom vernoem is, nl. die *Nananthus Schooneesii*, wat in U.S. se botaniese tuin te sien is.


#### AKADEMIE VEREER OOM PHILIP VAN DIE UNIVERSITEITSKOOR

Oom Philip McLachlan het lank al reeds die eretitel „Oom” van meer as net sy koorlede ontvang, maar op 23 November 1972 het hy ook die Erepenning vir Musiek van die S.A. Akademie uit die hand van prof. H. L. de Waal, Voorsitter van die Akademie, tydens ’n kooruitvoering in die Stellenbosse stadsaal ontvang.

Die commendatio is opgestel deur dr. Anton Hartman en voorgedra deur die rektor, prof. J. N. de Villiers. Dit was die begeerte van mnr. McLachlan dat die koor by so ’n oorhandiging teenwoordig moes wees omdat hierdie koor, en al die kore vóór hulle, asook die ander kore van skole en kolleges wat onder sy leiding gesing het, moes deel in die medalje as ereoekening.

Die koor, en die duisendtal in die gehoor, het die hele aand ’n onderlinge simpatieke meevoeling gehad. As die koor in die perfeksie van sy uitvoering sy vorige uitvoerings kon oortref, dan was dit op hierdie aand. Laat dit onthou word dat die hartlikste toejuicing gekom het, nie toe oom Philip die goue erepenning ontvang het nie, maar na een van die koste-

I.n.r.: Dr. C. J. Thomas en dr. B. G. J. van Rensburg



likste lewerings van ’n lied. Die gehoor het hulde gebring aan Philip, die meester, en aan die Universiteitskoor wat die liefdevolle, waarderende en perfekte menslike instrument was.

Met sy kenmerkende altruïsme het Philip sy dankwoord gesluit met: Tot u diens!

#### TANDHEEKUNDIGES VEROWER BEURSE

*Dr. C. J. Thomas*, hoof van die departement protetika, U.S., het ’n Elida Gibbs-toekenning vir 1973 ontvang om die patroon van die riwwe in die verhemelte van Suid-Afrikaanse kinders uit alle bevolkingsgroepe te bestudeer. Met sy rykdom aan bevolkingsgroepe bied S.A. ’n gulde geleentheid.

*Dr. B. G. J. van Rensburg* het die J. C. Middleton Shaw-stipendium vir 1973 ontvang. Hy sal oorsee die onderrigmetodes, navorsing en organisasie van mondbiologie-departemente bestudeer. Hy sal veral Brittanje en die Skandinawiese lande hiervoor besoek.

#### Van die Militêre Akademie

##### KMDR. C. J. DE VILLIERS NA PRETORIA

Met die kom van die oujaar het ons hier by die Militêre Akademie ook afskeid geneem van kmdr. Jean de Villiers.

Kommandeur De Villiers was verbonde aan die

*Kmdr. C. J. de Villiers*





*Mnr. E. M. Müller*

Departement van Krygsgeskiedenis as senior lektor. Hy was sedert 1959 aan die Militêre Akademie verbonde. Vanaf 1959 tot 1969 het hy die vak Vlootnavigasie doseer en nadat hy sy M.A. in Geskiedenis behaal het, die senior lektor in Krygsgeskiedenis geword.

As 'n geharde Bolander wens ons hom 'n baie aangename verblyf en werkkring toe in Pretoria, waar hy nou in diens is van die S.A.W. se Sentrale Dokumentasiediens.

Ook langs dié weg wil ons vir kmdr. De Villiers sê: Baie dankie vir al die werk op al die verskillende terreine van die samelewing wat u altyd so onselfsugtig gedoen het. Dit was hy wat vir die interessante nuus uit Saldanha in *Matieland* verantwoordelik was.


Matieland wens u en u gesin 'n baie aangename verblyf toe daar in die verre Transvaal en vertrou dat u en u gesien daar ook baie gelukkig sal wees.

MIKE MULLER

MATIELAND SE NUWE KORRESPONDENT  
BY MILITÊRE AKADEMIE

*Mnr. Mike Müller* is reeds vanaf September 1970 aan die Militêre Akademie, Saldanha, verbonde waar hy Afrikaans doseer en die kulturele opvoedingsprogram van die studente organiseer.

Voorheen was hy verbonde aan die Transvaalse Onderwysdepartement. Hy is aan die Heidelbergse Onderwyskollege, asook aan die Universiteite van S.A. en Potchefstroom opgelei.



## Die Stellenbossche Distrikspark Beperk

Stellenbosch se handelsbank  
die afgelope 90 jaar  
Bankiers vir die Universiteit  
van Stellenbosch  
Omvattende bankdienste  
Binnelandse en buitelands  
Aantreklike rentekoerse  
op beleggings

# Kursusse

## Die Taallaboratorium

Die taallaboratorium word vandag oral aanvaar as onontbeerlike hulpmiddel by die onderrig van vreemde tale. Eintlik is taallaboratorium 'n verkeerde benaming. Dit is in wese 'n taalpraktikum, waar elke student intensiewe, individuele oefening kan kry – iets wat in 'n groot klas onmoontlik is. Die taallaboratorium kan gebruik word om die regte uitspraak aan te leer, om die oor gewoond te maak aan die normale snelheid waarmee 'n taal gepraat word, maar bo alles om die spesifieke patronen van die taal wat aangeleer word deur tallose herhaling in te skerp, sodat die student die taalpatrone outomaties kan reproduuseer.

Vir hierdie doel word 'n program met lesse op band opgestel wat van die dosent se konsole gespeel word. Dit word dan outomaties op die bandmasjien


van elke student opgeneem en die student kan dit dan oor en oor speel, antwoord op die vrae en dadelik kontroleer of sy antwoorde korrek is, want die korrekte antwoorde word dadelik in die program gegee. Hy kan dus terugdraai, luister en korrigeer soveel as hy wil.

Die onderwyser of instrukteur sit voor by 'n konsole waarvandaan hy al die studente in hul „hokkies“ kan sien. Hy kan deur 'n knoppie te druk, inluister na enige student, hoor of hy vorder en hom reghelp waar nodig. Die dosent kan ook met almal gelyk of met enige groep wat hy selekteer oor sy mikrofoon praat. Dit kan ook op die „bibliotekmanier“ gebruik word, waar 'n student eenvoudig 'n bepaalde band aanvra en op sy eie oefen.

Die Universiteit beoog ook om taalkursusse in

*Studente in die taallaboratorium, Opvoedkundegebou.*





Prof. F. Smuts, Voorsitter Taallaboratorium, (links) en mnr. J. T. Botha, dept. van Engels (Opvoedkunde), by die dosentekonsolle.

verskeie moderne tale vir dosente beskikbaar te stel. Eersdaags begin 'n kursus in Russies en daar is ook reeds besluit om 'n kursus in Afrikaans vir immigrante in te stel.

In 1967 is die eerste taallaboratorium met 20 sitplekke in die Ou Hoofgebou in gebruik geneem. Dit is gebruik deur die Departemente Bantoetale, Duits, Frans en Latyn, maar die behoefté aan meer ruimte het spoedig ontstaan. Ook die Fakulteit van Opvoedkunde het daaraan behoefté gehad, veral vir Engels en Afrikaans, asook om voornemende onderwysers vertroud te maak met die gebruik van dié apparaat.

In 1970 is 'n tweede taallaboratorium met 30 sitplekke in die nuwe Opvoedkundegebou in 'n lokaal met lugbeheer geïnstalleer. Daar is ook 'n skuifprojektor wat met 'n taalles gesynchroniseer kan word, 'n truprojektor en bergruimte vir bande en plate. Die dosentekonsolle het twee bandopname-masjiene en 'n platespeler sodat verskillende programme gelykydig na verskillende groepe oorgedra kan word.

Dosente kan ook hul eie opnames maak, indien hul verkies.

Die taallaboratorium is hoegenaamd nie bedoel om die dosent te vervang nie. Dit kan alleen suksesvol wees as dit so nou moontlik met die klasonderwys skakel.

## Geologie 'n Aktuele Vak

Omdat geologie nie 'n skoolvak is nie, is dit vir baie voornemende studente nie sonder meer duidelik waarom iemand sy tyd sou wy aan die bestudering van „dooie klippe” nie. Inderdaad verg die studie van geologie 'n aansienlike aanpassing van denkpatrone: wat die historiese aspek van die vak betref, word daar nie in jare nie, maar in miljoene jare getel; en wat die skaal van die verskynsels betref, word daar nie net in tien-miljoenstes van 'n millimeter gemeet wanneer die interne struktuur van 'n kristal bestudeer word nie, maar ook op planetêre skaal wanneer die bewegings van kontinente aan die beurt kom.

Geologie behels so 'n breë studieveld dat 'n groot

Mnr. C. J. Smith neem 'n monster van Vredenburg-graniet vir ouderdomsbeplasing.



universiteit soos Yale nie minder as veertien volle professore in geologie het nie, elk met sy eie spesialiteitsrigting en ondersteun deur medeprofessore en ander dosente. Op Stellenbosch is 'n poging gemaak om sover moontlik met die nuwe ontwikkelinge tred te hou deur die instelling van 'n tweede kursus in aardwetenskappe, nl. Geochemie, met ingang 1973. Dit sal nou moontlik wees vir studente wat dit verkies om hul B.Sc. te verwerv met Geologie en Geochemie as hoofvakke.

Die meeste geoloë verdien hul brood in die vrye natuur en kan persoonlik getuig van die gasvryheid van ons boeregemeenskappe. Die boere is van hul kant weer geneig om die „klipdokter” as 'n besonder amusante wetenskaplike spesie te beskou, heeltemal welkom behalwe in gebiede waar prospekteerde drywighede probleme opgelewer het. Dit is wel waar dat die geoloog nie altyd vertel word in watter kamp die kwaai bul wei nie, of verwag word om op onregverdigte wyse mee te ding met die lede van ons samelewing wat bonatuurlike gawes besit vir die aanwyding van ondergrondse water of olie.

Daar is egter ook 'n groeiende groep aardwetenskaplikes wat hul tyd uitsluitlik in mineralogiese en geochemiese laboratoria deurbring en 'n ewe belangrike rol vervul in die landsekonomie. In die Geochemie-kursus word die verspreiding van metale en ander chemiese elemente in die aardkors behandel, asook die prosesse wat vir sodanige verspreiding verantwoordelik is, en die moderne verfynde analitiese metodes waarmee spoorelemente en hul isotope bepaal word. Geochemiese prospekteringsmetodes kry ook die nodige aandag. 'n X-straal-fluoresensie-spektrograaf is onlangs aangekoop met die oog op geochemiese navorsing.

Die departement staan onder leiding van professore P. G. Söhngé en W. J. Verwoerd. Navorsing deur dosente en nagraadse studente raak aan 'n wye verskeidenheid van onderwerpe, veral in die rigtings struktuurgeologie, stratigrafie en petrologie. Vanjaar word vir die eerste keer in samewerking met die WNNR ook ouderdomsbepalings op gesteentes gedoen.

Sedert 1972 huisves die departement 'n afdeling Gemmologie waar studente van die Departement Beeldende Kunste vertroud kan raak met die mineralogie, uitkenning en valuering van edelstene. 'n Moderne laboratorium en lesingsaal word op die oomblik vir hierdie doel ingerig. Verder word 'n spesiale kursus in geologie aan studente in Siviele Ingenieurswese gedoseer, wat van besondere nut vir toekomstige ingenieurs is.

## Uitbreiding

### Geneeskunde: Nuwe Geboue Deels in Gebruik Geneem

#### MAAR EEN IN S.A.

Die nuwe geboue vir die Fakulteit van Geneeskunde by die Tygerberg-hospitaal is op 1 Februarie vanjaar deels in gebruik geneem – en hierdie deel is reeds indrukwekkend! Die totale kompleks van administrasie, geneeskunde en tandheelkunde, tesame met tonnelverbinding onderling en met die hospitaal self sal (D.V.) in 1975 voltooi wees.

Reeds aan die begin van die verrigtinge in die hoofvoorlesingsaal is die dekaan, prof. A. J. Brink, deur die gehoor, bestaande uit die hoogste range van die Tygerberg-hospitaal, die argitekte en die boumeester, die dekane van die verskillende fakulteite, die vernaamste administratiewe amptenare, dosente en studente, verras toe die gehoor soos een man verkies het om sonder behulp van die luidsprekerstelsel toespreek te word – die akoestiek is naastenby perfek.

#### DANK AAN PROVINSIALE ADMINISTRASIE

Die Rektor, prof. J. N. de Villiers, het dit duidelik gestel dat hierdie geleentheid slegs die eerste ingebruikneming deur die studente is. Die trotse geleentheid vir volledige inwyding sal in 1975 wees!

Prof. De Villiers het hartlik getuig van die spanwerk tussen die Provinciale Owerhede wat die Tygerberg-hospitaal daar gestel het en die Universiteit wat die onderrigblokke oprig – en selfs hier dra die Provinsie sekere dele van die koste. Die samewerking was sodanig dat die Universiteit van Stellenbosch homself voel as 'n deel van die Tygerberg-hospitaal. Nou vertrou die Rektor dat die Provinciale Administrasie die wederkerige gevoel sal hé van deel te wees van die Fakulteit van Geneeskunde.



*Die aanwesiges tydens die opening van die akademiese jaar (1/2/73) vir geneeskundige studente te Tievlei in die hoof-voorlesingsaal van die onderwysblok. In die voorste ry, 3e en 4e van links, sit die argitekte, mnre. Hannes van der Merwe en John Collins.*

#### *Wyle Prof. Francie van Zijl en sy opvolgers*

Die Rektor het hulde gebring aan die nagedagtenis van prof. Francie van Zijl, vroeëre dekaan van Geneeskunde, wat hom so intensief vir die beplanning beywer het, maar nie die eindproduk kon sien nie. Reeds in 1956 is al met die beplanning van die hospitaal begin, en die onderwysblok moes gelyktydig voltooi wees.

Danksy die ervaring en toegespitste studie i.v.m. sulke geboue oor die wêreld heen deur prof. A. J. Brink, die dekaan; die harde werk van die argitekte, mnre. John Collins en Hannes van der Merwe, en die koöpererende boumeester, mngr. Roy Beamish, is die resultaat 'n skool en 'n hospitaal vir die opleiding van geneeshere wat tans die beste in Suid-Afrika is en op min plekke in die wêreld geëwenaar word.

Tans word vir 800 studente, met uitbreiding tot 1 000, voorsien in die onderwysblok met sy 1 miljoen vk. vt. ruimte. Dit sou vir die ouers van die studente hartversterkend gewees het om te geluister het na prof. Brink toe hy die verskillende aspekte van die onderrig, die wenslikheid van persoonlike (indiduele) aandag in klein studiegroepe, die gebruik van beeldradio, die moontlikhede en voordele van selfstudie in die biblioteek met afgesonderde leerhokkies en die wenslikheid dat studente van verskillende jaargange d.m.v. gekoördineerde onderrig mekaar aanvullend kan verryk, bondig behandel het.

#### **Aspekte van Akademiese Beplanning van die Universiteit**

Voor die Konvokasie op 30 November verlede jaar het die Rektor sekere aspekte uitgelig om deur 'n analise sekere tekortkominge en behoeftes te bepaal sodat projeksies gemaak kan word om in die normale groei van die Universiteit van Stellenbosch te voorseen.

Die totale getal studente was 8 164 in 1972, van wie 6 850 op Stellenbosch en 1 314 op die buite kampusse van Geneeskunde en Tandheelkunde te Tiervlei/Bellville, by Handel en Administrasie (Buitemuurs) te Bellville en by Krygskunde te Saldanha was. Die beraming is dat teen 1990 daar 'n totaal van 13 834 studente sal wees, van wie 10 450 hulle op Stellenbosch en 3 384 op die buite kampusse sal bevind.

Die voltydse studentegetalle in die fakulteite word verwag om soos volg daar uit te sien. (Die fakulteite verskyn volgens orde van stigting.)

	1972	1990
Lettere en Wysbegeerte	2 416	3 350
Natuurwetenskappe	807	1 102
Opvoedkunde	718	870
Landbou	389	495
Regte	117	261
Theologie	245	360
Handel en Administrasie		
op Stellenbosch	967	1 941
Buitemuurs	525	1 400
Ingenieurswese	894	1 770
Geneeskunde	770	1 360
Bosbou	79	123
Krygskunde	180	180
Tandheelkunde	57	307

Die ontwikkeling van die Universiteit moet met bestaande projeksie tred hou – d.w.s. die beplanning moet steeds 'n paar jaar vooruit wees.

Sekere syfers kan ook interessant wees. So is daar ongeveer 12 000 meter<sup>2</sup> vloerruimte aan lesingsale en klaskamers op Stellenbosch.

Tot 1990 sal waarskynlik vier maal meer as die bestaande biblioteekruimte voorsien moet word.

Aandag word gegee aan die uitskakeling van akademiese ooryleueling en ondersoek na sinvolle vakkombinasies word ingestel.

'n Styging vanaf 555 (1972) dosente tot 'n getal van 873 (1990) word op die Stellenbosse kampus verwag. Dit gee 'n student/dosent verhouding van 12:1 in 1972, wat beteken dat gemiddeld 18 addisionele doseerposte per jaar ingestel moet word.

Nagraadse studie, d.w.s. honneurs-, M.- of D.-grade, word sterk aangemoedig. In 1971 was daar uit die ± 7 700 studente 'n getal van ± 1 100 nagraadse studente. Uit die ± 9 000 van 1975 word 1 475 verwag. (Studente wat na 'n graad 'n ander rigting volg, is nie hier ingerekken nie.)

Nagenoeg 2 700 mans en 1 700 dames neem aktief

op Stellenbosch aan sport deel (1972), d.w.s. ongeveer 65%. In 1990 kan die getal op 7 000 staan. Sport- en ontspanningfasiliteite is versprei oor ongeveer 36 hektaar waarvan Coetzenburg ± 23 beslaan. Hier is tans 'n tekort van 6 hektaar en 'n verdere 34 hektaar moet tot 1990 voorsien word.

Die uitgawe van die Universiteit per student was in 1971 die som van R1 020, waarvan R830 uit die Staatskas gekom het en ± R140 uit samegestelde onderriggeld. (Losies is 'n aparte diens, slegs aan kosgangers en is nie hier ingerekken nie.) Die Universiteit moes dus bo en behalwe klasgeld ± R50 per student uit eie fondse bybring – 'n bedrag van R400 000 vir die 8 000 studente!

Van die 6 860 studente wat in 1972 op Stellenbosch onderrig ontvang het, het 3 600 in koshuise, 1 800 in privaat losies op Stellenbosch, 1 200 as reisende pendelaars buite Stellenbosch, en 260 by hulle ouers op Stellenbosch gewoon.

Teen 1990 sal die Universiteit vir ten minste 5 500 van die verwagte 10 500 studente koshuisgeriewe moet voorsien. Die strewe is om in die losiesbehoefte van 50% van die mans (wat sterk voorkeur aan privaatlosies gee) en 80% van die dames te voorsien.

Die verwagte toename in koshuise se kapitaalkoste is ontstellend. In 1972 was die boukoste per student R4 000. Met 6% eskalasie per jaar, mag dit in 1990 op R11 500, of teen 10% op R23 000 per studentplek te staan kom om 'n koshuis op te rig. Teen laasgenoemde koers sal tot 1990 die som van R20 miljoen aan nuwe koshuise bestee moet word.

Die Rektor het sy voorligting slegs as 'n baie oppervlakkige prentjie bestempel, maar daarop gewys dat die eise en die beplanning baie implikasies inhoud... Die gehoor was sterk beïndruk.

## Helshoogte – Die Nuwe Manskoshuis

Dat die naam *Helshoogte* deur die studente vir die nuwe koshuis voorgestel is, getuig van studentehumor; dat die Universiteitsraad die naam aanvaar het, getuig van begrip. Hier is geen generasiegaping by die gee van en die aanvaarding van dié naam nie.

Ons land se ekonomiese toestand het verhoed dat die beoogde nuwe dameskoshuis gebou kon word; daarom is Majuba met sy 153 losiesplekke tydelik vir dames ingeruim. Om nou vir die mans addisioneel tot Majuba te voorsien, vergoed Helshoogte met sy 316 plekke deur 'n surplus van 161 te bied. Gesien die behoeftes aan losies, was dit nie te verwagte dat die oprigting van hierdie koshuis soveel teenstand sou



*Helshoogte*

uitlok nie. Sy naburige koshuise het beswaar gemaak teen sy aanwesigheid en die steurnis van die bouery; konserwatiefgesindes het teen die toringgebou beswaar gemaak, en so byna het die hoë boukoste die bouery verongeluk. Die Universiteit bring dus baie maal dank aan die skenkers van geld vir die meubilering want Helshoogte kos meer as R4 000 per inwonende student!

Grond het ook op Stellenbosch reeds só duur en skaars geword, en afstande vir voetgangers van die sentrale akademiese kampus na die verste koshuise só groot, dat alle beskikbare grond intensief benut moet word. Geboue moet dus ook die hoogte in om oop grondruimte te bespaar.

Die eerste inwoners kom uit alle oorde soos motte na 'n kers. Op die 8e en 9e vloere is bv. 41 plekke vir militêre studente gereserveer, maar oud-Majubane, kwalifiserende inwoners van ander koshuise, P.S.O.-studente met die vereiste klasprestasies en ongeveer

28% eerstejaars is as jong bloed ook ingeneem.

Die argitek, mnr. Gideon Fagan, het geprobeer om die hoë gebou minder opsigtelik te maak deur dit tot vyf verdiepings te bou en dan terug te laat gaan met 'n groot daktuin, geplavei soos 'n binneplaas. Verder agter toe styg die gebou met nog vier verdiepings. Die kamers is vir enkelinge bedoel, maar die gesellige atmosfeer word behou deur informele gesellige hoekies, met op die gangpunte plek om ketel te kook, te stryk, te gesels en die telefoon te beantwoord.

Die uitsig uit die kamers en veral van die daktuin, is miljoene rand werd. Elke ouer wat 'n seun daarheen bring, moet dit besoek om die 300° panorama te geniet – dan kan u maar dagsê want u het genoeg gesien!

# Beurse en Skenkings

## NEDERIGE BEWYS VAN DANKBAARHEID DEUR DS. A. D. RAATS

*Ds. A. D. Raats*, baie bekende oud-Matjie, wat afgetree het, maar dit nie reg kry om te „rus” nie, woon tans in die Strand, maar los voortdurend dan hier, dan daar af. Met sy gesondheid gaan dit nie so goed nie, maar sy gees is so onblusbaar soos ooit tevore.

Die volgende aanhaling is uit 'n brief van hom.

„Aanvaar dit maar as 'n nederige bewys van my opregte dankbaarheid teenoor my ou alma mater wat my so véél geleer het buite die klaskamers en daarbinne. Vir hul verdraagsaamheid ook teenoor my as swakke student my innige dank en waardering.

Mag die besteding van die geld op langtermynbasis tog iemand in die lewe help. Mag dit met daardie besondere student(e) baie voorspoedig gaan onder die waaksame oog van die Here.”

## S. P. GREEN-BEURS

Wyle mnr. S. P. Green (15/5/04-6/2/72) 'n ongetroude onderwyser voorheen van die hoëskool Simonstad, het in 1925 die H.P.O.D., in 1942 die B.A. (Unisa) en in 1943 die M.Ed.-graad aan U.S. behaal.

Hy het R27 735 nagelaat wat by 'n bank in trust gehou word en waarvan een kwart van die rente halfjaarlik aan U.S. uitbetaal sal word om bogemelde beurs in stand te hou.

## BEMAKING DEUR MEV. M. BARNES

*Mev. Mary Barnes* het 'n bedrag van R11 110,14 aan die U.S. bemaak. Sy is aan die einde van 1972 oorlede.

*Mnr. Herbert* en mev. Mary Barnes het vroeg in die neentientwintiger jare uit Engeland na S.A. gekom. Hulle het geen kinders gehad nie en ook nie 'n enkele verwant in S.A. nie. Hulle hele boedel is aan liefdadigheid bestee.

## FORD SE SKENKING VIR OUTOMOBIEL-INGENIEURSWESE

Die Ford Motormaatskappy van S.A. het R5 000 aan U.S. geskenk as bydrae om 'n kursus in outomobiel-ingenieurswese in te stel. Die kursus word vanjaar reeds aangebied.

Volgens prof. H. V. Hattingh is dit waarskynlik dat S.A. teen 1980 motors met 'n plaaslike inhoud van sowat 98% sal moet vervaardig en selfs ontwerp-ingenieurs benodig sal word.

L.n.r.: *Mnr. P. J. Lombard* (U.S.), *prof. H. V. Hattingh* (U.S.), die rektor, *prof. J. N. de Villiers*, *mnr. D. B. Kitterman* (Besturende Direkteur van Ford), *mnr. S. L. Sterling* (Direkteur van produkontwikkeling van Ford) en *mnr. L. Nel* (Streekbestuurder Ford, Kaapstad).



uitgetree het, as ondervorsitter van die Publikasie-raad aangestel. Hy het in 1945 die graad B.A. (Cum Laude) en in 1947 die graad LL.B. aan U.S. verwerf.

*Dr. F. N. Lee*, Th.D. (Stell.) 1966, D.Phil. (U.O.V.S.) 1972, voorheen van die N.G. Gemeente, Winterton, is van Mei 1973 as professor in Teologie aan die Fairfax Christian College, Virginia, V.S.A., aangestel.

*Mnr. Jan Breytenbach* (B.Com. Stell.), bekende rugby-speler, het diens aanvaar as takbestuurder van 'n bank en trustmaatskappy op George.

*Kapt. Telama van Zyl* (B.Sc. Huishoudkunde), is as dosent in voorradeopleiding by die Burgerlike Beskermingskollege vir Vroue op George aangestel.

*Dr. W. J. Pienaar*, voorheen van die departement Landbou-tegniese Dienste, is bevorder tot assistent-direkteur van die Navorsingsinstituut vir Voedsel en Vrugtetechnologie op Stellenbosch.

#### O.K.P. SE REKTORE

*Dr. C. G. de Vries*, D.Ed. (Stell.) is in die plek van mnr. L. C. Bruwer, afgetrede rektor van die Paarlse Opleidingskollege, aangestel. Hy was tot 31/12/72 een van die twee vise-rektore.

#### BLINDE ADVOKAAT TOT BALIE TOEGELAAT

*Mnr. Chris de Klerk* (23), B.A., LL.B. 1972, wat onder meer tien bandopnemers en honderdduisende voete band vir sy studie gebruik het, is in Februarie tot die Kaapse Balie toegelaat.

#### RYKIE VAN REENEN BETREE MANS SE GEBIED

*Mej. Rykie van Reenen* is tot assistent-redaktrise van *Rapport* bevorder en het 'n bres geslaan in 'n heiligdom vir mans. In die gildewese van die koerantman het sy by *Die Burger* van vakleerling tot kneeg gevorder en van kneeg tot meester by *Rapport*.

Natuurlik moet daar altyd 'n „eerste“ wees – en waarom nie 'n oud-Matie nie?

*Mnr. J. Viljoen*, voorheen hoof van die hoërskool op Tulbagh, is as inspekteur van Onderwys met omgang Upington aangestel.

*Mnr. D. L. Owen* is as die nuwe hoof van die Bosboukollege Saasveld op George aangestel.

*Mev. Juliet Oosthuizen* is as die nuwe hoof van die departement Huishoudkunde aan die Kaapse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangestel. As student was sy die eerste B.Sc. van U.S. in dieetkunde.

#### LAS LEMMER VAN 1917 KYK TERUG

*Mnr. L. A. S. Lemmer*, tans van Lentonhof 6, Tuine, Kaapstad, het aan die begin van 1917 na die universiteitstad, Stellenbosch, met sy 400-500 studente gekom. Die mans was tuis in die ou Wilgenhof, in Tertia (op die suidwal van die Eersterivier) en in Quarta (net oos van die huidige skoolkoshuis, Prima), maar soos vandag moes baie tōg privaatloseer.

Die losieshuis Orangia was in Van Ryneveldstraat, skuins oor die huidige Lubbe-huis wat tans gerestoureer word, en het aan mnr. Lemmer 'n tuiste verskaf.

'n Kenmerk van die studente was dat hulle, soos die dosente, toga en pet gedra het. Vir eerstejaars was dit 'n statussimbool; vir seniors 'n las. In 1918 het die Universiteitsraad hierdie waardigheid afgeskaf – en niemand het daaroor gerou of gestaak nie.

Tekenend van die tyd was dat mnr. Lemmer nadat hy sy B.A.-graad behaal het, eers op Brandfort gaan skoolhou het om „sakgeld vir verdere studie te verdienen“.

#### Wilgenhof se Nagligte en kloutjiesolie

Die Nagligte word deur mnr. Lemmer beskryf as 'n geheime speurbende wat veral die eerstejaars se doen en late fyn dopgehou het. Tydens hulle onverwagte nagtelike besoeke was hulle in swart gekleed en rokende fakkels het lig verskaf. Die „oortreder“ is met bed en al gedop, moes al sy sondes aanhoor, hom ontklee en is daarna met verf betakel, sy hare is met chemikalië gekleur en hy is 'n heerlike lepel of twee kloutjiesolie vir die lekkerte ingegee. Daarna het 'n groentjie geweet om in sy spoor te trap. Vir 'n buitestaander sou so 'n behandeling gevoelloos wees, maar mnr. Lemmer en sy maats het dit nie as sulks beskou nie.

#### UIT MEXICO

*Mev. Una Ramsay* skryf van Pasio de la Reforma 509, Mexico 5 D.F., Mexico, op 14 Oktober 1972:

Ons ontvang gereeld *Matieland* hier en ek wil u graag bedank daarvoor en laat weet hoeveel plesier dit ons gee en hoe interessant dit is om te lees van al die nuwe verwikkelings aan die Universiteit. My man en ek is bly om so op hoogte van sake te bly, veral

omdat ons drie dogters het wat hopelik toekomstige Maties is.

(Baie dankie vir u mooi briefie en die pragtige bydrae tot die *Matielandfonds*. Ons is baie bly dat u Suid-Afrika en Matieland se vaandel in Mexico hoog hou.)

Natuurlik word die drie jong Ramsay-dametjies op Stellenbosch verwag. Oupa dr. T. E. Dönges was mos nie van 'n ander Universiteit die kanselier nie!)

(Mev. Ramsay was 'n inwoonster van Huis de Villiers en het in 1947 die B.A.-graad behaal. Red.)

#### DE BEERSGEOU SE VERSKUILDE ARABIER

Mnr. S. G. Scholtz van Calitzdorp skryf op 7/1/73:

Ek verwys na die buiteblad van *Matieland* van Desember 1972. Wanneer dit op 'n afstand van sê 6 meter onderstebo gesien word, vertoon dit baie duidelik die gesig van 'n bebaarde Arabier wat na sy eie linkerkant kyk. Kan u dit ook sien?

Die Redakteur het die bewering getoets op mev. J. M. Lambrechts wat *Matieland* tik en op mnr. Andries Esterhuyse wat baie nuusbrokkies aandra. Albei het die pikswart baard, die spiedende linkeroog en die spierwit uitwaaiende mantel van die sjeik gesien. (Dit wys dat selfs 'n foto twee „kante“ het.)

#### MATIES EN TUKKIES PER MAKROSTRALER NA INTERVARSITY OP STELLENBOSCH

*Matieland* hoop dat die plan om 360 oud-Maties en oud-Tukkies op 9 Junie vanjaar na Stellenbosch te bring wanneer die noordelike en die suidelike rugbyballe mekaar op Coetzenburg sal laat gras vreet, verwesenlik sal word.

Die makro sal (D.V.) om 8.00 vm. van Jan Smuts vertrek en die aand teen 11.00 weer daar land. Sitplekke op die pawiljoen, kos en de lot sal R69 vir die ekonomiese en R79 vir die eerste klas wees. Vir die tamatiestropie sal egter apart en besonders betaal moet word. Voornemende besoekers moet in gedagte hou dat die reisagentskap en die S.A.L. nie vir vertragings (selfs na die wedstryd) en vir beserings (ook na die wedstryd) verantwoordelik sal wees nie.

Bel die Salvo Reisburo (foon 48-6656/7/8/9), Van Erkoms-Deurloop, Posbus 3797, Pretoria.

Slaag hierdie plan sal 'n nuwe era ingelui (of ingevlieg?) word.

('n Gewone lugkaartjie, plus reisgeld tussen die stede en lughawens kos ongeveer R98.)

#### Oud-Matie Saamtrek Groep: 1936-1944

#### DANKSEGGING EN VOORBIDDING

Op die oggend van 30 November 1972 het die oud-Maties om 8.00 vm. in die Moederkerk vergader vir 'n kragvolle halfuur.

Na aanleiding van 1 Thes. 5: 16-18 het ds. Gerjo van der Merwe gepraat oor: „Bid sonder ophou“. 'n Tuinter kan met sy blomme „praat“; oubaas „praat“ met sy brakkie en 'n moeder met haar fris klong – die pasgebore baba. Hierdie soort gesprekke kan egter slegs plaasvind as die verhouding van liefde daar is. Ook ons kan die wonderlikste gesprek voer as skepsel met sy Skepper. Om te bid, is juis om die gesprek te voer oor ons dankbaarheid, smart of nood.

En toe volg 'n reeks spontane gebede oor

dankbaarheid vir duisend dinge;  
ons kyk terug en sê net: Dankie;  
dankie vir die geleentheid om hier te kon gestudeer het;  
dankie dat ons kinders hier kan wees;  
dankie vir die ou bande wat versterk is;  
dankie, want U het ons gees gevul;  
dankie vir hierdie dag – U is ons enigste waarheid!

Loof die Here, O my siel, Amen!  
Dit was onverdiende guns alleen!

Ons plaas ons hand in u hand – wil u vir ons ondernem tot eer van U Naam.

Ons tree in vir die Raad, die Senaat en ander doense van ons Universiteit vir die uitvoering van hulle taak en vir ons kinders, die studente, besig met hulle opvoedings- en studieproses.

Laat ons dosente manne wees wat die lig en leiding kan gee.

Laat ons nooit verflou in ons gebede vir ons doense en studente nie – hulle leef in moeilike tye!

Dankie dat u ons op ons eie sonde wys – gee dat ons waarlik godvrugtig sal wandel.

Ons kyk terug en is vol dankbaarheid;  
Ons kyk na die hede en is vol blydskap;  
Ons kyk na die toekoms en is vol vertroue –  
Omdat ons Boontoe kan kyk!



#### HARMONIE-BRUIDE OP DIE OUD-MATIES TE SAAMTREK

I.n.r.: Koot Bekker, Frans Conradie, Topper Conradie, Mauritz Uys en Hans van der Merwe het hulle (nog steeds) liggende vroue uit Harmonie aangekeer.

#### DAGBREKERS OP DIE SAAMTREK

Ongetwyfeld is die Wilgenhoffers mooier en gladder kêrels as die Dagbrekers, maar elkeen van dié manne is só gewigig dat ons net hulle voorname wou gee. Nou word die vanne darem bygevoeg ter wille van die geskiedenis.

Agter (l.n.r.): D. G. Conradie, Siebert Wiid, Danie Morkel, C. A. Beukes, Bux Fouché, Gerjo van der Merwe, Hans van der Merwe.

Middel: J. J. H. Victor, J. N. de Villiers, Mike de Vries, S. A. E. Smit, Frans Smuts, C. G. W. Schumann, E. J. Mostert, Ossie Newton-Thompson, Herman van Niekerk en Hansie Zietsman.

Voor: Jan Theron, Japie Coetzee, Tom Fourie, H. A. Kyller, Carl Smit, Pikkie Truter, Koos Oosthuysen en Piet Lombard.

Heel voor: Tradisioneel liggend, sonder 'n maat na die teenoorgestelde kant: Bun Booyens.





#### OUD-WILGENHOFFERS

'n Curriculum Vitae van elkeen op die foto sal te veel ruimte in beslag neem, derhalwe, (l.n.r.)

Voor: Topper Conradie, Theo Pauw, Tommie van Arckel, Koot Bekker, J. D. Pretorius en Dan Benade.

Agter: Danie Schumann, Piet Jordaan, James Archer, Frans Conradie, Nato Ferreira, J. S. Roos en Johan Pauw.

Kerkstraat 125,  
WORCESTER.  
3 Desember 1972.

Geagte mnr. Lombard,

Dit is ons 'n behoefte van die hart om u weer te bedank vir die reëling van die jongste reünie van oud-Maties. Ons sal lank en met groot genoegdaaraan terugdink.

Afgesien van die aangename persoonlike assosiasies was dit vir ons almal betekenisvol om die Universiteit te sien soos hy nou is en ook 'n blik op die toekomsverwagtinge te kry.

Die gasvryheid, vriendelikheid en hulpvaardigheid van die personeel het veel tot die sukses van die onderneming bygedra. Ons dink enersyds aan mev. De Bruyn en haar medewerksters in Huis de Villiers en andersyds aan mnr. Esterhuyse en almal wat hom bygestaan het.

Mag ons ou Universiteit van krag tot krag voortgaan!

Met agting en vriendelike groete,  
BARLO EN THEO PAUW

#### AARDJIE NA DIE VAARTJIE

Theo Pauw wat tydens die saamtrek as voorsitter opgetree het, was, soos sy seun Christof langs hom, primarius van Wilgenhof. Christof is tans voorsitter van die S.R. en so was sy vader op sy tyd. Theo is tans hoof van die Skool vir Blindes, Worcester, en Christof is LL.B. finale jaar (1973).



## UIT ANDER BRIEWE

Ek het my donker bril en 'n swart tapisserie-houer verloor. Rena Gardiner, Rondebosch.

(*Waar moet Andries gaan soek?*)

My man en kinders sê ek lyk jare jonger – voel ook so! Annie Lens du Plessis, Volksrust.

(*Kinders! Julle moes julle ma op haar eersteleur gesien het!*)

Dit was 'n belewenis wat ons altyd sal bybly. Mev. M. Haarhoff, Somerset-Wes.

(*So wil ons dit graag hê!*)

Verkwikkend na die gees, ook na die siel en die liggaam! Ds. en Mev. G. J. V. Bell, Stellenbosch.

(*Die ware lewensvreude!*)

Ek wil u komplimenteer met die puik reëlings en die interessante program. J. W. McDermid, Stellenbosch.

(*Baie dankie!*)

Ons was getref deur die erns en toewyding van die personeel, veral waar gepoog word om persoonlike kontak met die studente te bewerkstellig. Ons voel trots daarop dat ons Alma Mater, getrou aan sy hoë ideale, steeds met doelgerigtheid in sy vaste tradisie voortgaan om sy roeping te vervul. J. J. H. Victor, Volksraad, Kaapstad.

(*Mag die Here ons verder op Sy pad bewaar en lei!*)

## EN AS JY BAIE STERK IS . . . MEER AS TAGTIG

Oom Alexander Stadion (B.A. Stell. 1898-1902), oudste oud-Matie, was op 4/2/73 twee-en-negentig jaar. Hy woon tans in die Ou Pastorie-losieshuis, Mitchellstraat, Kuilsrivier.

Matieland wens hom 'n verdere geseënde jaar toe.

## UIT ISRAEL

Mev. Bernice Lewau (geb. Levin, B.A. 1965) het nou verhuis van Netanya (Israel) na Simtat Hamaalot, Neve Magen, Ramat Hasharon. (Wanneer hou die oud-Maties in Israel 'n saamtrek?)

## LINKS:

*Baie dankie, Andries! Reël dadelik weer een!*

## SAMESANG: DIE GOEIE OU TYD . . . OF LANGS COETZENBURG VLOEI . . .

Die geheiminnige hand, links onder, en Cato Meaker (regs onder) beweeg die sirene-sangere (l.n.r.) Anton Marx van Meyerton, Willem de Jongh van Stellenbosch en Siebert Wiid wat as sangmeester opgetree het, maar in die gewone lewe 'n inspekteur van skole in Noord-Transvaal is, tot iets . . . iets vol salige heimwee.



#### UIT ANDER BRIEWE

Ek het my donker bril en 'n swart tapisserie-houer verloor. Rena Gardiner, Rondebosch.

(*Waar moet Andries gaan soek?*)

My man en kinders sê ek lyk jare jonger – voel ook so! Annie Lens du Plessis, Volksrust.

(*Kinders! Julle moes julle ma op haar eersteleur gesien het!*)

Dit was 'n belewenis wat ons altyd sal bybly. Mev. M. Haarhoff, Somerset-Wes.

(*So wil ons dit graag hê!*)

Verkwikkend na die gees, ook na die siel en die liggaam! Ds. en Mev. G. J. V. Bell, Stellenbosch.

(*Die ware lewensvreugde!*)

Ek wil u komplimenteer met die puik reëlings en die interessante program. J. W. McDermid, Stellenbosch.

(*Baie dankie!*)

Ons was getref deur die erns en toewyding van die personeel, veral waar gepoog word om persoonlike kontak met die studente te bewerkstellig. Ons voel trots daarop dat ons Alma Mater, getrou aan sy hoë ideale, steeds met doelgerigtheid in sy vaste tradisie voortgaan om sy roeping te vervul. J. J. H. Victor, Volksraad, Kaapstad.

(*Mag die Here ons verder op Sy pad bewaar en lei!*)

#### EN AS JY BAIE STERK IS... MEER AS TAGTIG

Oom Alexander Stadion (B.A. Stell. 1898-1902), oudste oud-Matjie, was op 4/2/73 twee-en-negentig jaar. Hy woon tans in die Ou Pastorie-losieshuis, Mitchellstraat, Kuilsrivier.

Matieland wens hom 'n verdere geseënde jaar toe.

#### UIT ISRAEL

Mev. Bernice Lewau (geb. Levin, B.A. 1965) het nou verhuis van Netanya (Israel) na Simtat Hamaalot, Neve Magen, Ramat Hasharon. (Wanneer hou die oud-Maties in Israel 'n saamtrek?)

#### LINKS:

*Baie dankie, Andries! Reël dadelik weer een!*

#### SAMESANG: DIE GOEIE OU TYD...

#### OF LANGS COETZENBURG VLOEI...

Die geheimsinnige hand, links onder, en Cato Meaker (regs onder) beweeg die sirene-sangers (l.n.r.) Anton Marx van Meyerton, Willem de Jongh van Stellenbosch en Siebert Wiid wat as sangmeester opgetree het, maar in die gewone lewe 'n inspekteur van skole in Noord-Transvaal is, tot iets... iets vol salige heimwee.



# Ontwikkelingsfonds

Die Departement van Ontwikkeling het nou die samestelling van oud-studentekomitees (Skakel-komitees) in al die provinsies en Suidwes-Afrika voltooi. Die hulp van hierdie komitees is onontbeerlik in verband met die insameling van fondse en die byhou van adreslyste. Terselfdertyd tree hulle op as skakel tussen die oud-studente en die Universiteit.

Gedurende die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1972 is die mooi bedrag van R62 670 tot die *Ontwikkelingsfonds* bygedra. (1970: R17 348; 1971: R35 398). Oud-studente wat nog bydraes tot die Eeu feesfonds maak, is nie genader nie. Dit is vir die Universiteit van die allergrootste belang dat elke oud-student elke jaar 'n bydrae, groot of klein, tot die Ontwikkelingsfonds sal oorweeg. Hierdie bydraes sal bepaal of die Universiteit met sy beplande ontwikkelings-program kan voortgaan. Verlede jaar het 13 van die 20 oud-Maties op Phalaborwa tot die Ontwikkelingsfonds bygedra. Op Nieuwoudtville het 5 van die 6 oud-Maties, op Hermon 2 van die 3 en op Leeu-Gamka albei oud-Maties bygedra. Hierdie oud-

Maties het die uitdaging aanvaar en 'n mooi voorbeeld gestel.

## EEUFEESTRUSTFONDS

Die Eeu feestrustfonds het op 31 Desember 1972 op die mooi totaal van R5 222 637 gestaan, waarvan R4 398 485 reeds in kontant ontvang is. Die verdienste (opbrengs) van die Fonds, wat nie in bogenoemde totale ingerekken is nie, beloop R1 681 283, waarvan R1 226 744 reeds aan die Universiteitsraad oorbetaal is vir die financiering van noodsaaklike projekte.

Die Universiteit waardeer die volgehoute steun van maatskappye, oud-studente en vriende ten seerste. Dit stel die Universiteit in staat om 'n hoë peil van opleiding te handhaaf.

Hieronder volg 'n lys van die oud-Maties wat bydraes t.o.v. 1972 tot die Ontwikkelingsfonds gemaak het. Skenkings wat gedurende die tydperk 1 Januarie tot 29 Februarie 1972 ontvang is, is reeds in die April 1972-uitgawe van *Matieland* erken.

<i>Aberdeen</i> Mnr. F. P. van der Merwe	<i>Aliwal-Noord</i> Mnr. J. A. van Rooy Mnr. H. P. S. van Zyl	<i>Australië</i> Dr. J. J. Behrens	Mnr. en mev. D. G. de Villiers Mnr. C. G. S. Smit Mnr. C. L. Vlok
<i>Adelaide</i> Mev. E. D. Bosch Mnr. J. E. Brevis Mnr. E. Jacobs Mev. June van der Wall	<i>Ariamsvlei</i> Ds. J. J. Stadler	<i>Balgowan</i> Mnr. R. W. S. Hennessy	Ds. en mev. J. Esterhuizen Mnr. en mev. A. Louw
<i>Albertinia</i> Mnr. P. J. Janse van Rensburg	<i>Amanzimtoti</i> Dr. J. M. P. Dippenaar	<i>Barberton</i> Mnr. J. H. Beyers	Mnr. W. J. Olls Mev. M. H. Rheeder
<i>Alberton</i> Dr. en mev. H. J. Badenhorst Dr. E. Hartman	<i>Aranos</i> Ds. en mev. E. N. Venter	<i>Barkly-Oos</i> Mnr. J. L. Vorster	Mnr. en mev. P. G. van Velden Mnr. B. A. J. van Vuuren
<i>Alice</i> Dr. J. N. Marais	<i>Ashton</i> Mnr. I. J. du Plessis	<i>Barrydale</i> Maj. A. P. Barnardt Mnr. P. J. de Wet Mnr. J. B. Fullard	Mnr. C. van Zyl Mnr. C. F. Visser <i>Bedford</i> Mnr. en mev. J. S. Burger
	<i>Aurora</i> Mnr. en mev. E. B. de Vries	<i>Beaufort-Wes</i> Mnr. R. D. Dercksen	<i>Bellville</i> Mnr. I. J. M. Archer Mnr. A. J. Basson

Prof. W. B. Becker	Mnr. M. J. Schoonwinkel	Mej. H. Ellmer	Mnr. M. D. Gous
Dr. O. A. A. Bock	Prof. T. G. Schwär	Mej. J. J. Hills	Mnr. H. J. Louw
Mnr. en mev. L. H. Benning	Prof. N. Sieberhagen	Regter S. Hofmeyr	Mnr. J. T. D. van Dyk
Prof. A. J. Brink	Mnr. en mev. E. Smit	Mej. A. E. Kok	
Mev. M. E. Buurman	Mnr. C. J. Smit	Dr. J. R. Kriel	<i>Bredasdorp</i>
Mnr. J. B. Carstens	Mej. S. A. Snyman	Mnr. R. Lamont-Smith	Mnr. en mev. N. W. Carstens
Mnr. G. Cloete	Mnr. J. H. Sohnge	Mnr. J. C. Loock	Mnr. A. McDonald
Prof. C. J. Coetzee	Dr. J. C. Thom	Dr. en mev. D. J. Malan	Mnr. en mev. J. W. Potgieter
Mnr. R. Coetzee	Mnr. J. van der Velden	Mnr. en mev. D. W. Morrison	Mnr. L. M. Smit
Mnr. D. J. A. Crawford	Dr. A. E. D. van der Vijver	Mnr. B. D. Maree	
Dr. en mev. B. M. de Brujin	Mej. T. J. K. van Niekerk	Ds. en mev. L. L. Nel	<i>Breërivier</i>
Prof. J. J. de Jager	Mnr. G. W. F. van Rensburg	Mnr. G. W. Oosthuizen	Mnr. M. J. M. Cloete
Mnr. C. G. de K. du Toit	Mnr. D. W. J. van Schoor	Mnr. K. H. Pretorius	
Prof. J. B. du Toit	Mev. R. A. M. van Schoor	Prof. F. P. Retief	<i>Britz</i>
Dr. D. P. de Klerk	Mnr. J. van Tonder	Mnr. J. M. Rothman	Mnr. J. M. Myburgh
Prof. J. N. de Klerk	Dr. C. J. van Wyk	Ds. en mev. D. S. Snyman	Mnr. G. E. van Heerden
Prof. M. A. de Kock	Mnr. B. F. Venter	Mnr. J. F. Spies	Mnr. I. J. van Zyl
Mnr. S. J. de Vaal	Mnr. I. J. Viljoen	Ds. en mev. L. J. Theron	
Mej. R. H. de Villiers	Mnr. J. M. S. Visagie	Mev. A. D. M. Versluis	<i>Bronkhorstspruit</i>
Mnr. W. J. de Villiers	Mej. B. J. Visser	Mnr. H. J. Wessels	Mnr. P. N. Basson
Dr. J. S. de Wet	Dr. H. P. Wasserman	Ds. H. J. Wiegand	Dr. G. D. Roos
Dr. P. D. de Wet	Prof. C. L. Wicht		
Mev. M. C. Drotsky			
Mnr. D. M. du Preez	<i>Benoni</i>	<i>Boksburg</i>	<i>Bultfontein</i>
Adv. C. J. E. du Toit	Dr. A. V. Krige	Ds. C. Murray	Mev. M. M. Bezuidenhout
Mnr. R. B. Engela	Mnr. J. A. Loubser	Mnr. C. J. Pienaar	
Mnr. J. A. Engelbrecht	Mnr. P. Metensky	Dr. en mev. S. W. V.	<i>Burgersdorp</i>
Mnr. E. P. R. Eybers	Mnr. A. J. van der Schyf	Serfontein	Mej. M. Botha
Dr. H. I. Ferréira		Dr. S. S. van Rensburg	Mev. H. J. du Plessis
Mnr. en mev. I. F. Ferreira	<i>Bergyliet</i>		Mev. H. J. Joubert
Mnr. H. E. Fox	Dr. W. D. Marais		Ds. en mev. A. P. Kilian
Mnr. B. Goedhart			Mnr. J. D. K. Mostert
Mnr. J. M. Grieve	<i>Berlin</i>		Ds. en mev. A. D. Schutte
Prof. J. P. Hamman	Mnr. A. N. Bohling		Mev. A. M. Vosloo
Mnr. en mev. H. J. R. Hamman			
Prof. K. W. Heese	<i>Bethal</i>		<i>Caledon</i>
Prof. I. M. Hofmeyr	Mnr. J. J. Pretorius		Mnr. J. C. Lombard
Mnr. en mev. G. J. Janse van Vuuren	<i>Bethlehem</i>		Mnr. J. H. F. Roelofse
Mnr. M. V. Kayser	Mev. J. C. du Toit		
Dr. M. P. Keet	Mnr. M. C. S. du Toit	<i>Boshof</i>	<i>Calitzdorp</i>
Prof. C. R. Kotze	Mev. M. A. Fourie	Mev. M. F. Wessels	Mnr. R. V. Barry
Mnr. J. J. Kritzinger	Mnr. A. N. A. Jooste		
Dr. J. J. C. la Grange	Mnr. M. J. Smuts	<i>Boskop TVL</i>	
Mnr. G. A. Langston		Dr. W. P. de Kock	
Mnr. en mev. M. J. Lazarus	<i>Bettysbaai</i>		<i>Calvinia</i>
Dr. F. P. S. le Roux	Dr. M. M. Vogts		Mev. A. J. Conradie
Mnr. en mev. A. J. J. Lombard			Mev. H. J. Louw
Mnr. D. B. Malan	<i>Bindura</i>		Mnr. E. J. Mostert
Mej. L. Malan	Mnr. H. D. R. Blok		Mev. M. Odendaal
Mev. A. M. Malherbe	Ds. J. Londt		Mev. A. G. Strauss
Dr. H. F. Marlow			Mnr. en mev. J. G. L. Strauss
Dr. C. J. B. Muller	<i>Bloemfontein</i>		
Mej. M. Muller	Mnr. L. P. Bartel		<i>Carnarvon</i>
Mnr. N. C. Muller	Prof. L. D. C. Bok		Mev. C. Steenkamp
Mnr. en mev. J. C. Neethling	Dr. J. F. Botha		Ds. I. L. Vos
Dr. J. T. Nel	Ds. P. D. Botha		
Prof. W. H. Opie	Adv. C. M. S. Brink	<i>Brackenfell</i>	<i>Carletonville</i>
Dr. W. J. C. J. Rosenstrauch	Mnr. en mev. J. D. Brink	Dr. G. F. Agenbag	Dr. M. H. Johannsmeier
Dr. J. P. Roux	Mev. D. P. Coetzee	Ds. C. J. Prins	
Mnr. en mev. G. E. Rudman	Ds. R. J. de Beer		<i>Carolusberg</i>
	Mev. P. F. J. de Villiers		Mnr. G. J. Coetzee
	Mnr. I. P. J. du Plessis		
		<i>Bramley</i>	<i>Ceres</i>
		Mnr. B. van Eck	Mnr. W. J. Basson
		<i>Brandvlei</i>	Mnr. P. Conradie
			Mnr. C. N. du Toit

Mnr. G. C. du Toit	<i>Daniëlskull</i>	Dr. J. W. Grossert	<i>Engcobo</i>
Mnr. J. L. B. du Toit	Mev. R. Smith	Mej. M. J. Kruger	Ds. J. G. Rossouw
Mnr. A. G. Foster		Mnr. P. J. le Roux	
Mnr. M. L. Geldenhuys	<i>Darling</i>	Mnr. P. J. Lombard	<i>Epping</i>
Ds. J. W. W. Greeff	Ds. en mev. R. Heyns	Mev. E. M. Naude	Ds. H. C. de Wet
Mej. J. Kieser	Mnr. W. M. D. van Zyl	Prof. G. S. Oosthuizen	
Mev. E. M. Laubscher		Dr. G. C. Scully	<i>Ermelo</i>
Mnr. H. Marais		Mnr. L. M. Simon	Mnr. C. E. Malherbe
Mej. M. E. Mollet	<i>De Aar</i>	Dr. en mev. A. Smit	
Mnr. en mev. E. Roux	Mnr. en mev. G. du Preez	Prof. E. Stander	<i>Escourt</i>
Dr. A. J. Snyman	Mnr. G. M. Rentske	Dr. en mev. J. H. Swart	Mej. H. le Roux
Ds. C. H. Steenkamp	Mnr. J. A. Picnaar	Mev. H. H. van der Spuy	
Mnr. J. J. Steyn	Mnr. J. S. van Zijl	Mnr. en mev. J. S. van Heerden	<i>Eshewe</i>
Mev. W. J. van der Merwe		Mnr. J. J. van Zyl	Mnr. H. L. Bosman
Mnr. A. P. van Zyl	<i>De Doorns</i>	Dr. M. Webb	
Mnr. en mev. H. B. Vivier	Mej. H. C. Cronje		<i>Faure</i>
	Mnr. D. H. van Niekerk	<i>Durbanville</i>	Mnr. en mev. H. M. Faure
<i>Citrusdal</i>		Mnr. P. Aucamp	Dr. R. Pretorius
Mnr. J. P. J. Hattingh	<i>Delmas</i>	Mev. M. A. Brink	
Mev. I. Honiball	Mnr. F. C. Vivier	Ds. en mev. F. J. Conradie	<i>Fauresmith</i>
Mnr. T. F. S. Malherbe		Mnr. P. J. Dreyer	Mnr. J. B. du Toit
Mnr. A. P. J. Mouton	<i>De Rust</i>	Mnr. J. A. Herholdt	Mnr. J. Hauptfleisch
Mnr. J. P. Mouton	Mnr. S. W. Burger	Mev. J. A. Hough	Mnr. P. H. Laubscher
Mnr. A. J. van Zyl	Mnr. en mev. G. C. le Roux	Mnr. E. S. Vorster	Mnr. C. H. S. van Deemter
	Mnr. H. H. van Eeden	Mnr. N. J. le Roux	Mej. J. P. van der Merwe
<i>Clanwilliam</i>	<i>Despatch</i>	Mnr. B. P. Lochner	
Mev. E. M. Schutte	Ds. J. F. Kelber	Adv. en mev. F. v. Z. Smit	<i>Ficksburg</i>
Mev. A. M. M. Smit		Mnr. M. J. Stewart	Mev. A. J. de Wet
Dr. E. J. C. Strassberger	<i>Devon</i>	Mnr. J. J. F. Tolken	Mnr. G. A. C. Kuschke
Mnr. en mev. C. J. Visser	Ds. J. J. Marais		Ds. A. Stockenström
	<i>De Wet</i>	<i>Eastpoort</i>	
<i>Claremont</i>	Mnr. S. Kok	Mnr. en mev. J. S. Burger	<i>Firgrove</i>
Mnr. J. A. M. Archer	<i>Dinamietfabriek</i>	Mnr. P. S. M. de Klerk	Mnr. G. D. Roos
Dr. M. D. Banghart	Mnr. F. J. Olivier		
Mej. S. M. Hediger	<i>Dordrecht</i>	<i>Edenburg</i>	<i>Fochville</i>
Mnr. N. J. Mouton	Dr. en mev. E. Greyling	Mnr. G. J. v. W. Loubscr	Mev. M. L. Swart
Mnr. en mev. J. M. Potgieter			
Mnr. R. W. Stern	<i>Douglas</i>	<i>Edenvale</i>	<i>Fort Beaufort</i>
	Mev. P. H. Swiegers	Mnr. L. J. Nel	Mnr. en mev. H. G. Greeff
<i>Cleveland</i>	<i>Drieankerbaai/Seepunt</i>	<i>Edenville</i>	Mnr. en mev. A. J.
Mnr. M. H. C. Greeff	Mrs. V. E. Brown	Mnr. H. B. de Villiers	Liebenberg
Mnr. J. J. Loubser	Dr. M. H. de Kock	<i>Eendekuil</i>	Mnr. en mev. A. Lombard
	Mej. S. H. de Kock	Mnr. H. A. C. Hanekom	Mnr. en mev. J. L. Luttig
<i>Clocolan</i>	Dr. J. J. Op't Hof	<i>Eerselmyn</i>	Mnr. en mev. J. N. Malan
Mnr. en mev. D. P. Marais	<i>Duiwelskloof</i>	Ds. en mev. G. S. Mostert	Mnr. en mev. J. D. A. Smit
Mnr. en mev. A. N. Oelofse	Mnr. P. F. Freyser	<i>Eikenhof</i>	
Mev. J. J. van Rooyen		Mnr. P. W. S. Schumann	<i>Franschhoek</i>
	<i>Dundee</i>		Ds. J. C. Malan
<i>Colesberg</i>	Mnr. C. W. Blanckenberg		Ds. en mev. G. D. Muller
Mnr. J. B. de Jager	Mnr. H. J. Meaker		Mev. S. P. Rabie
Mej. S. M. du Plessis	<i>Donnottar</i>	<i>Elandsbaai</i>	
Mnr. M. J. D. Venter	Kapt. S. D. W. Thomas	Mev. C. J. Steenkamp	<i>Fraserburg</i>
	<i>Durban</i>		Mev. C. E. van Schalkwyk
<i>Cradock</i>	Mnr. S. Alkema	<i>Elandsfontein</i>	Mnr. C. Verdoes
Mnr. en mev. A. L. M. Anthony	Mnr. L. A. Barnes		
Mnr. H. D. Jordaan	Mev. S. M. Botha	<i>Empangeni</i>	<i>Gaberone</i>
Mev. S. Lutz		Mnr. P. de Waal	Ds. A. T. Barry
Mnr. W. A. van der Merwe		Ds. J. H. Smit	
Ds. en mev. J. F. van Wyk		Mnr. M. J. Swart	<i>Garies</i>
		Prof. en mev. J. G. J. Visser	Mev. H. H. Engelbrecht
<i>Dalton</i>			
Mnr. J. B. Ferguson			

<i>George</i>	Mev. R. J. Grobler	<i>Hopetown</i>	Mnr. R. P. Gouws
Mej. N. Bezuidenhout	Mnr. en mev. D. A. Henry	Mnr. J. C. van der Walt	Dr. A. C. Hartman
Dr. en mev. H. F. Conradie	Mnr. C. C. Heunis	Mnr. en mev. S. O. Vermeulen	Mev. C. A. Hauptfleisch
Mnr. C. J. Geldenhuys	Mev. D. C. Poole		Mnr. H. Hendriks
Mnr. W. J. Grebe	Mnr. C. K. M. Stone		Mnr. J. H. Heyns
Ds. C. C. Kritzinger		<i>Hoopstad</i>	Mev. A. de la R. Hinze
Mnr. A. D. Luckhoff		Ds. C. A. van Zyl	Mnr. V. Human
Mnr. en mev. A. T. Ross			Mnr. en mev. F. J. Jonker
Mev. A. J. M. Scholtz		<i>Hugenoot</i>	Mnr. G. R. Joubert
Dr. en mev. W. S. van der		Mnr. en Mev. J. W. H. Meiring	Dr. C. F. Krige
Westhuizen			Ds. en mev. P. P. P. le Roux
Mnr. T. A. van Eeden		<i>Humansdorp</i>	Ds. en mev. L. J. Loots
Mnr. M. J. W. van Tonder		Mnr. E. J. Gerryts	Mnr. J. G. Louw
Mnr. G. N. N. Visser		Mnr. H. A. Kotze	Mnr. A. Malan
Mnr. L. Wiid		Mnr. P. L. Mouton	Mnr. en Mev. A. S. Malan
		Mnr. F. Röth	Mnr. H. S. Marais
<i>Germiston</i>			Mnr. F. S. Meisenhall
Ds. C. S. Hattingh	<i>Grootfontein</i>	<i>Indwe</i>	Mnr. R. Mervis
Mev. A. E. M. Prinsloo	Mnr. P. J. le Roux	Mej. M. L. Scholtz	Mnr. J. H. Monderman
Mnr. I. F. Schoonraad	Ds. H. T. S. Page		Mev. M. M. G. Mouton
Mnr. E. B. Smit	Ds. J. M. Swanepoel	<i>Irene</i>	Mej. E. M. Murphy
Mej. J. A. Strydom	Mnr. en mev. C. H. S.	Dr. en mev. C. H. de C.	Mej. M. C. J. Myburgh
